25 Oktober 2024 www.kerkbode.co.za ● facebook.com/kerkbode Deel 238 – Nommer 141

KERKBODE

**Oostelike Sinode bl12**

**Sowat 158 afgevaardigdes kom byeen by Weesgerus op Modimolle. Die tema: Biddend, saam op pad! Verslae oor ekologie, leraarsversorging asook verband met die Algemene Sinode is bespreek. Foto: Hendrien van Vliet**

# Vrystaters stem vir eenheid ten koste van bevestiging van verbintenisse

Eenheid binne die NG Kerk het verdeeldheid getroef toe Vrystaatse sinodegangers gekies het vir "geduld en fyn onderskeiding", berig **Chris de Vries** uit Bloemfontein. Maar, die prys was kompromie.

"As enige iemand (of groep) huis toe gaan, en gaan vertel 'Ons het gewen', dan het die kerk verloor," het een van die afgevaardigdes by die afgelope sitting van die tweede buitengewone sinode van die NG Kerk in Vrystaat in 'n stadium laat hoor.

Die Vrystaatse vergadering het op 3 Oktober by Kopano Nokeng buite Bloemfontein plaasgevind. Die openingsteks fokus op Jakobus 1 en 3 (Skenk ons dié wysheid van bo, Here).

Daar is tussen drie opsies rondom die verband met die Algemene Sinode gekies. Voorstel 1 was, in wese, om bande met die Algemene Sinode (AS) te verbreek. Voorstel 2: Om twee sinodale streke in die Vrystaat te word sodat gemeentes kan kies of hulle by die Vrystaat Sinode (VS) geaffilieerd met die AS wil bly, of wil deel word van die VS Sinode wat nie meer in verhouding met die AS staan nie. Voorstel 3: 'n Keuse vir eenheid deur die duidelike stel van standpunte oor sleutelkwessies en herdefiniëring van die verhouding met AS in die lig van hierdie standpunte.

Die voorstelle, asook voorgestelde veranderinge aan die drie opsies, is redelik duidelik en effektief afgehandel, met uitsondering van enkele haakplekke.

"As jy iets op die hart het, moet jy nóú praat", het ds Jan Lubbe, voorsitter van die vergadering, wat ook voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen is, in 'n stadium gesê. Daar is ruim tyd en voorsiening vir gesprek gemaak. 'n Mens hoor harte. 'n Mens hoor motiewe. 'n Mens hoor binnekamergesprekke oor wat persone by God hoor. 'n Mens sien hier en daar trane – want hierdie gaan ten diepste oor God se mense, na aan ons, en God se kerk, waarvan ons deel is. Namate die motiverings vir die verskeie standpunte inkom, word 'n gematigde middelstem weer en weer gehoor. Dit voel of die vergadering begin beweeg in 'n rigting, maar ook nie … Uiteindelik, ná 16:00, die beplande afsluitingstyd, word die vergadering 'n oomblik van stil gebed gegun voor die stemproses.

Die stemuitslae lyk as volg:

Voorstel een: 127 vir uittrede uit AS.

182 teen uittrede met AS.

Voorstel 2: 102 stemme vir twee sinodale streke in die VS.

206 stemme sê nee vir twee sinodes.

Voorstel 3: 181 stemme vir eenheid, duidelikheid en herdefiniëring.

129 teen.

Die besluit se gewig lê by die keuse vir eenheid. Maar, om eenheid te behou, is daar 'n kompromie. "Die NG Kerk Vrystaat erken dat daar onder ons verskillende sieninge oor selfdegeslagverbintenisse as 'n alternatiewe vorm van 'n permanente verbinte-

> **Vervolg bl 6**

## Só word 200 jaar van kerkwees herdenk: Feesdienste, boeke en konferensies

**HELÉNE MEISSENHEIMER**

Op Hervormingsondag 27 Oktober gaan verskeie NG, Hervormde en ander gemeentes uit die gereformeerde familie saam feeseredienste hou. Dit vorm die eerste van 'n reeks feesgebeure wat in die noorde sowel as die suide beplan word rondom 'n betekenisvolle jaar vir gereformeerde kerke in Suider-Afrika. Dit is vanjaar 200 jaar sedert 2 November 1824 – die datum van die eerste "Algemene Kerkvergadering" in Suid-Afrika. Hierdeur het 14 gemeentes op tuisbodem, die eerste treë begin gee na onafhanklikheid van die moederkerk in Nederland.

Dit is ook 500 jaar (1524) sedert die eerste Protestantse liedbundel van Luther én 90 jaar sedert die eerste Psalm- en Gesangeboek in Afrikaans op Hervormingsondag 1934 in gebruik geneem is.

Die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het daarom besluit om saam te werk rondom die beplanning van 'n verskeidenheid van geleenthede en publikasies ter viering van hierdie mylpaal "wat as 'n genadegawe beskou word," luidens 'n skrywe van dr Nioma Venter, algemene sekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Leraars, kerkrade, lidmate en gemeentes regoor die land word op verskeie kerklike platforms uitgenooi om te deel in hierdie herdenking van "die reformasie, ons reformatoriese erfenis en die verhaal van ons kerkfamilie" soos verwoord deur ds Jan Lubbe, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk onlangs aan KaapKerk.

Liturgiese voorstelle is reeds aanlyn beskikbaar wat gemeentes vir Hervormingsondag, 27 Oktober 2024, sou kon gebruik.

**Die feesprogram sluit ook in:**

Die bekendstel van 'n spesiale uitgawe van die *Stellenbosch Teologiese Joernaal* op Vrydag 1 November, om 08:30 in die kapel van die NG Kerkargief, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch.

Ook op Vrydag 1 November, die bekendstel van 'n feesalbum, 200 Genadejare, tydens 'n aand van voorlesing en musiek by NG Gemeente Durbanville.

'n Konferensie, Kerkwees 200: herdenk – hervorm – hoop, Saterdag 2 November, van 09:00-15:00 by die NG Kerkargief, Stellenbosch.

Spesiale eredienste op 3 November: ds Jan Lubbe om 15:00 in Groote Kerk, Kaapstad en dr Wim Dreyer om 16:00 by die Pretoria-Oos Hervormde Kerk. Beide sal direk uitgesaai word.

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria bied die Kerkwees 200 konferensie van 5-6 November aan, ook by die Pretoria-Oos Hervormde Kerk.

## Gemeentes wil kerk wees … met of sonder dominee:

# Só soek sinode saam na nuwe bedieningsmodel

Die helfte van gemeentes het minder as 300 lidmate en 15 gemeentes het vakante predikantsposte. Maar 'n nuwe kerkmodel neem vorm aan in die NG Kerk in Noord-Kaapland, berig **Heléne Meissenheimer**.

Toe die meer as 130 sinodegangers Woensdagmiddag (9 Oktober) vanuit 'n bewolkte Kimberley huiswaarts mik, was dit met die wete dat hulle help bou het aan 'n "nuwe bedieningsmodel" vir die NG Kerk in Noord-Kaapland.

Hoe lyk dit? Meer spán-gedrewe as dominee-gedrewe.

Want in hierdie wye streek (sommige afgevaardigdes het gery van so ver as die grens met Botswana), het jonger lidmate, fondse vir voltydse leraars en energie vir jeugbediening blykbaar net so skaars soos reën geword. 'n Situasie wat boonop meebring dat ds Christo Jonck, die streek se enigste predikant in sinodale diens (PSD), soveel navrae vanaf gemeentes kry dat die sinode oorweeg om 'n nuwe administratiewe pos te skep.

Hoewel daar gemeentes is waar dit goed gaan, is daar ook heelwat gemeentes in so 'n oorlewingstryd dat hulle agterstallig met sinodale bydraes raak en in sommige gevalle selfs hulle roeping verloor het. Daar is ook interne spanning met 'n paar gemeentes wat glo uit protes weggebly het. Ander gemeentes het gewoon nie kapasiteit gehad om dié sitting van 6-9 Oktober in Kimberley by te woon nie, het die afgevaardige leraars en kerkraadslede gehoor.

**Vir die eerste keer in bykans 30 jaar het dié streeksinode 'n sinodale kommissie verkies. Van links: di Marais Kluge, Annatha Nel, Kobus van Tonder, Arina Zandberg, Leonie Pistorius, Tienie Swanepoel, Melt Van der Spuy Loubser, Neeltje Fouché en Christo Jonck.**

### Leiers verkies om kontinuïteit tussen sinodes te bring

In 'n beduidende verwikkeling het afgevaardigdes by die afgelope sinodesitting 'n sinodale kommissie (in ander sinodes genoem 'n moderamen) verkies om 'n oorsigrol in die twee jaar tydperk tussen sinodesittings te vervul. Hiermee is 'n 1993-sinodebesluit in revisie geneem wat bepaal het dat "… die dienstermyn van die moderatuur sal strek van sy verkiesing tot en met die verdaging van die vergadering waar die betrokke moderatuur verkies is". Oor die kommissie se rol het ds Marais Kluge gesê: "Dit is die nommer een dienstuig in die Noord-Kaap. Ons is daar om te koördineer. Om te luister. Om leiding te gee. Om te bedien saam met ons ringe en ons gemeentes te ondersteun … Wat dit nie is nie, is 'n magsposisie," het hierdie 69-jarige tentmakerleraar van Noorderharts naby Noordwes uitgewys.

Hy was ook die verkose voorsitter van die afgelope sinode en ds Tienie Swanepoel van Mareetsane in Noordwes die ondervoorsitter. Die res van die sinodale kommissie bestaan uit die voorsitters van die onderskeie sinodale kommissies, die PSD asook drie addisionele lede (waarvan een 'n vrou moet wees). Hierdie bepaling is ingeskryf na dit onder die vergadering se aandag gebring is dat daar heelwat vroueleraars in die streek is (almal jonger as 40), maar tot hierdie sinode was niemand nog verkies as voorsitter of ondervoorsitter van enige sinodale kommissie nie.

Blykbaar is hierdie versoek ter harte geneem. Woensdag is bekendgemaak dat beide ds Leonie Pistorius (sinodale kerkordelike kommissie – SKOK) asook ds Neeltje Fouché (sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning – SKBO) as voorsitters van sinodale kommissies verkies is én al drie die addisionele lede op die nuwe sinodale kommissie is ook vroue.

### Kerkwees in 'n nuwe konteks

Die geestelike inspirasie vir die week het gekom uit die Bybelboek Efesiërs. Sondagaand het ds Louwtjie Louw, voorsitter van die taakspan sinodebeplanning, tydens sy boodskap uit die eerste hoofstuk gesê Paulus verduidelik daarin dat dit deur Jesus is dat mense met God en met mekaar versoen word en so deel word van God se "new society. His new creation … that includes people from all nations …" Die leraar uit Kanoneiland het bygevoeg dat ons optrede hierdie nuwe werklikheid en identiteit moet reflekteer.

Maandagoggend het Louw namens SKBO uitgebrei oor van die sober werklikhede wat nie net in hierdie sinode nie, maar ook in ander soos Oos-Kaap en Vrystaat uitdagings bied. Vir Noord-Kaapland sluit dit in dat 15 van hulle 85 gemeentes vakante leraarsposte het. Twee ringe van tussen ses en sewe gemeentes, met net een of twee wat 'n vaste leraar het, sukkel om vergaderings te kan konstitueer. Louw sê daarom is hy vir leer by ander streke soos Vrystaat wat reeds 'n program ontwikkel het om ringe in sulke situasies te ondersteun.

"Die konteks waarin ons nou is, vra van ons om anders te dink," het Louw onder meer gesê.

Om hulle as kerkleiers hiermee te help het hulle vir dr Frederick Marais van Hugenote Kollege en prof Hannes Knoetze van die Universiteit van Pretoria betrek om saam te dink oor

**Gebede teen 'n muur, 'n jong ma van Noordwes wat saam met drie ander as bedienaars tydens 'n nagmaaldiens bevestig is, en vele stembriefies was deel van gebeure tydens die Noord-Kaaplandse sinode gehou 6-9 Oktober in Kimberley. Foto's: Heléne Meissenheimer**



wat nodig is vir "die roetekaart na so 'n nuwe bedieningsmodel".

**'Ons kan sonder predikante regkom'**

Vir hierdie sinode se eerste tafelgesprek het Louw die vergadering gevra om, waar hulle in klein groepe om tafels gesit het, te kyk na 'n lys van 11 uitdagings (wat insluit byvoorbeeld te min predikante, onsekerheid oor roeping en kerkbegrip, wantroue en verdeeldheid, oorlewingstryd ens). Hulle moes saam groepeer volgens wat hulle meen gemeentes se grootste behoefte is. Die beeld van 'n stukkende pad vol "potholes" is gebruik om die proses te illustreer.

Twee dae later het die uitslag verras. Ds Adriaan Vogel van Daniëlskuil het in sy terugvoer oor die tafelgesprekke, names SKBO, genoem die nommer 1 behoefte wat hierdie vergadering uitgelig het, was onsekerheid oor roeping en kerkbegrip, gevolg deur onkunde, veranderde konteks of ontkenning daarvan saam met tekort aan ingeligte lidmate.

Tekort aan predikante was 9de.

"Dit het ons verras. Dit sê vir ons dat u vertroue het in die kerksisteem, het hy gesê.

By navraag het Kluge, die sinode se gekose voorsitter aan *Kerkbode* gesê, hulle is bly daaroor: "Ons het gedink as predikante minder word gaan hulle gemis word, maar dit is nie die gemeentes se gewaarwording nie. Hulle sê eintlik vir ons hulle kan kerk wees sonder ons. Hulle wil aangaan en met die werk van die Here besig wees.

"Ons het mense met wonderlike gawes in die kerkrade. Diensleraars. Bedienaars. Ek is opgewonde hieroor, want in die Noord-Kaap is dit die pad wat ons moet loop.

"Daar is nie 'n manier dat ons in die toekoms in elke gemeente 'n predikant kan hê nie. Hulle gaan minder word. Ons sal predikante dalk anders moet aanwend. Ons sal moet kyk na die rol wat dominees moet speel, maar ons gemeentes is op 'n goeie plek," het hy afgesluit.

Dié loodsstreek vir die Woordbedienaarkursus het al 23 gekwalifiseerde bedienaars met sowat 45 wat nog met studie besig is, luidens 'n verslag. Twee bedienaars is ook besig met verdere teologiese studie as diensleraars.

Swanepoel, self 'n diensleraar, was eers jarelank boer en ouderling tot hy gehoor het van die diensleraarkursus by Hugenote Kollege. Hy het die afgevaardigdes aangemoedig om hulle gemeentes van die bedienaar- en diensleraarkursusse (waarvoor beurse beskikbaar is) te vertel en genoem twee van sy ouderlinge doen die bedienaarskursus. Dit beteken hulle klein gemeente het 'n span wat hulle kan bedien. SKBO se rol gaan wees om gemeentes meer oor die kursusse te kan inlig.

**IN KORT:**

**Agterstallige sinodale bydraes:** Gemeentes word gevra om jaarliks 6% van hulle inkomste aan die sinode oor te betaal vir gesamentlike werksaamhede wat insluit finansiële ondersteuning van die kerklike maatskaplike organisasie Caritas.
Dit blyk egter daar is nie net verskeie gemeentes wat hiermee agterstallig geraak het nie (totale skuld is R2,7 miljoen), maar 16 gemeentes dien nie finansiële state in nie. Die sinode het goedgekeur dat gemeentes "in buitengewone omstandighede" hulle ring mag vra om namens hulle skriftelik te motiveer dat die sinodale kommissie ondersoek instel of hulle agterstallige sinodale skuld afgeskryf mag word.

**Kerkverband:** Tydens die vorige sinode van April 2022 is gehoor heelwat lidmate en ook sommige gemeentes het 'n "geweldige misnoë" met van die besluite wat die Algemene Sinode in 2019 geneem het. Omtrent vyf gemeentes in die streek doleer. Een gemeente het na die vertrek van hulle leraar besluit om nie meer te doleer nie.

Na 'n besprekingspunt uit Oraniagemeente dit versoek het, het die sinode gevra dat SKOK 'n kerkordelike ondersoek doen. Swanepoel het laat Dinsdagmiddag namens SKOK daaroor terugvoer gegee waarna daar 'n tafelbespreking was waarvan die uitslae na SKOK terugverwys is.

**Nog besluite geneem sluit in:** Twaalf gemeentes het nie afgevaardigdes by die sinode gehad nie. Die sinodale kommissie sal met hulle in gesprek tree.

Die besprekingspunt oor toestemming vir bedienaars om die sakramente van nagmaal en doop te mag bedien is verwys na SKOK.

Besprekingspunt oor 'n voorstel dat gekyk word na 'n later aftree-ouderom vir emeritus-predikante is ook verwys.

Foto: Le Roux Schoeman

# Gewaardeerde vegter-teoloog sterf

Met die dood op 1 Oktober 2014 van dr Frits Gaum (84) weens kanker in die Netcare-hospitaal in Kuilsrivier, verloor die NG Kerk een van sy bekendste en by tye omstrede predikante. Hy was nie net teoloog nie, maar ’n prominente kerkleier wat as uitvoerende hoof van Bybelkor, redakteur van *Kerkbode* en as skriba van die Algemene Sinode en moderator van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland, deeglik sy teologiese stempel dekades lank afdruk het. Hy het nooit kop gegee in ’n debat nie en volhard in ’n saak waarin hy rotsvas geglo het. Maar hy was ook groot genoeg om van standpunt te verander, as hy anders oortuig sou word en dit was selde. Tot kort voor sy dood het hy as skrywer in die openbare pers sy stem oor ’n wye verskeidenheid sake laat hoor, ook met blitsvinnige e-posse landswyd. Hy het die keuse uitgeoefen om nie op te roes nie, maar opgebruik te word.

Dr Frits het nooit sy lus vir die lewe verloor nie, ook nie toe kanker se tentakels hom gewurg het nie. Gaum was ’n vegter en absoluut toegewyd aan sake waarin hy geglo het. Hy was nie net ’n kerklike denker nie, maar ook ’n doener wat moedig sy kritiese stem laat hoor het op die soms harde kerklike speelveld. Sy liefdeskritiek vir die NG Kerk was eg en sy roeping kristalhelder.

Frederick Malherbe Gaum is op 25 April 1940 gebore in Germiston. Sy ouers was Andrew Hurtley Gaum en Magdalena Leonora Malherbe. Die jong Frits matrikuleer in 1957 in Germiston en is hoofseun van sy skool. Frits voel geroepe om predikant te word en behaal in 1960 die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria en in 1961 ’n Honneursgraad cum laude. Hierna vertrek hy na die Teologiese Seminarium op Stellenbosch, waar hy en Piet Meiring ’n interfakulteitsblad begin wat die Teologiese Fakulteite op Stellenbosch en Pretoria ’n stem gee. In 1964 is hy redakteur van *Polumnia*, jaarblad van die kweekskool en in 1965 redakteur van *Die Matie*, studentekoerant van die Universiteit Stellenbosch. Hy bly studeer en behaal saam met sy teologiese opleiding ook die MA-graad in Afrikaanse Letterkunde met prof Dirk Opperman as studieleier. Hier word Frits aan die einde van 1965 as proponent van die NG Kerk gelegitimeer. Een van sy klasmaats is die latere prof Pieter Potgieter, in 1990 moderator van die Algemene Sinode, met dr Frits wat as skriba sy deel bring in die moderatuur.

Prop FM Gaum word op 30 Januarie 1966 leraar in die NG Gemeente Kuruman en trap nie net diep spore in die sand van die Kalahari nie, maar in die harte van lidmate. Hy trou op 3 Junie 1966 met Henda Botha, dogter uit die pastorie van dr Laurie Botha. Op 15 Maart 1969 verwerf ds Frits Gaum die DLitt-graad (Departement Afrikaans), aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, met prof Gerhard Beukes as promotor. Kort daarna vertrek die leraarspaar na die NG Gemeente Wynberg, waar hy op 9 Augustus 1969 bevestig word.

Aan die begin van 1971 is dr FM Gaum ’n gerekende en bekwame jong teoloog, wat met die hand uitgesoek word om Bybelkor te vestig. Hy word direkteur van die NG Kerk se eie Bybelkorrespondensie- en skolingskursus op Wellington. Dit is sy breinkind en ’n eerste in Afrikaans, wat die NG Kerk se gewone lidmate bemagtig in die hantering van die Bybel. Hier aan die voet van Groenberg, gaan dr Frits en Henda deur donker dieptes in 1975, toe ernstige kanker by die 35-jarige leraar gediagnoseer word. Menslik gesproke was sy lewe verby, maar hy beleef na gebed Goddelike genesing, net soos die bekende dr Andrew Murray op Wellington destyds. Dr Frits skryf hieroor ’n boek, *Nie van hoorsê nie, Here*, waar hy in duidelike taal sy belewenis en die geestelike krag beskryf toe die Here God hom ’n tweede kans gegee het. Die gevreesde kanker het na veertig jaar weer teruggekeer, wat sy dood op ’n geseënde ouderdom veroorsaak het.

In 1984 verwerf dr Frits Gaum die Meestersgraad in Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, met die bekende prof PJ (Piet) Cillié as promotor. Op 1 Augustus 1986 word hy redakteur van *Die Kerkbode* en van 1989 af die hoofredakteur van die NG Kerk se tydskrifte, die *Kerkbode*, *Voorligter* en die *Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. In sy dienstyd bereik die Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk besondere hoogtes, ook die stigting van Christen-Netwerk Media in 1993 waarvan hy as uitvoerende voorsitter gedien het. Die netwerk het Christelike programme oor die radio en televisie uitgesaai. Geskiedenis word gemaak toe ’n uitgawe van die *Algemene Kerkbode*, as bylae in die Afrikaanse dagblaaie gepubliseer word. Op dié wyse kom die kerkblad in nagenoeg ál die Afrikaanse huise in Suid-Afrika. In sy dienstyd by die Tydskriftemaatskappy, was hy gekoppel as leraar van die Groote Kerk in Kaapstad, die gemeente waar die eerste redakteur ds Abraham Faure in 1849, ook die gemeenteleraar was in die Moederstad.

Dr Frits Gaum was van 1990 tot 1998 skriba van die Algemene Sinode van die NG Kerk, en in 1995 moderator van die Wes-Kaapse Sinode. Hy was ’n moedige en kritiese stem in die oorgangsjare van ons land se demokratiese bestel, toe die kerk se profetiese stem gehoor moes word. Hy is die opsteller van die NG Kerk se “Getuienis en Belydenis” oor apartheid, ’n eerlike, verantwoordelike en gebalanseerde weergawe van die verloop van sake. Hierdie stuk het later ook op die tafel van die Waarheid-en-Versoeningskommissie beland. Nadat dr Frits in 2003 aftree vestig die gesin hulle op Glentana in die Suidkaap, wonderlike jare met ’n groot vriendekring. Hulle verhuis in die onlangse jare na Durbanville in Kaapstad.

Hy was tot met sy dood die hoofredakteur van die *Christelike Kernensiklopedie* en het die Pieter van Drimmelenmedalje daarvoor ontvang. Onder sy leiding word die Andrew Murrayprys in 1978 ingestel, waar hy 45 jaar lank as voorsitter leiding neem. In sy tyd word dit later die Andrew Murray-Desmond Tutu-prysfonds, waar pryse gegee word vir Christelike teologiese werke in al die amptelike tale van Suid-Afrika. Die hoogtepunt in sy skryfwerk is die toekenning van die Andrew Murrayprys vir sy boek: *Fluit-fluit, die kerk is uit?*

Dr Frits Gaum se aftrede in 2003 was eintlik ’n aantrede, want hy sou byna nog twee dekades lank ’n faktor bly in die NG Kerk. Hy het sy stem laat hoor, waarmee deeglik rekening gehou moes word as meningsvormer op voetsoolvlak.

Die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudinge het die hele Gaum-gesin diep geraak en hulle lewe omgekeer. Hulle seun, ds Laurie Gaum, se lewensreis as gay leraar was op die spel en hulle het as ouers bankvas agter hom gestaan. Die selfdegeslagverhoudinge is ’n onderwerp wat die NG Kerk toe reeds en steeds polariseer, wat destyds momentum kry met die besluite van die buitengewone sinode van 2016. Die spreekwoordelike kat is in die kerklike duiwehok losgelaat.

Dr Frits Gaum en sy medestryders reageer heftig en dit loop uit op ’n opspraakwekkende hofsaak toe elf gelegitimeerdes in 2019 die NG Kerk hof toe neem. Dit hou verband met kerkreg en hoe die Bybel gelees en verstaan word, ook die regte van gaymense binne die NG Kerk. Hulle wen die hofsaak, wat vereis dat predikante selibaat moet bly, wat met die hofsaak tersyde gestel word.

Maar dit bring emosionele letsels en bagasie vir die gesin, want dr Frits, Henda Gaum en ds Laurie word diep en intens geraak op vele vlakke. Ek was binne hoorafstand en het dinge met hulle meegeleef, veral op ’n pastorale wyse en gebedsondersteuning. Dit was ’n intense belewing, want na ’n hartsvriendskap van meer as veertig jaar, het ons mekaar se binneboeke geken en verstaan. Die feit dat ons van standpunte verskil, het ons nie uitmekaar gedryf nie, maar respek en agting vir mekaar met oorheersende Christelike liefde, het ons vriendskap net verinnig en versterk.

Met my onlangse vierdubbele hartvatomleiding het die brood op die water na my teruggekeer, toe Frits my per selfoon ondersteun het met ’n kragtige en opregte gebed.

Met sy kanker het dr Frits Gaum moedig die stryd gestry, die geloof behou en nog voluit probeer leef, met sy oog gevestig op die lewende Here Jesus. Dit het moed en krag gegee tot sy laaste asemteug. Ons bid vir sy vrou Henda en sy kinders Andre, Laurie en Lina. Mag die troos van die Here hulle beskutting wees.

Wat dink, beleef en vra die Gaum-gesin? Dit is hulle hartsbegeerte dat hulle geliefde Frits se soeke na vrede, geregtigheid en die omhelsing van eenheid in diversiteit, sy grootste nalatenskap aan ons almal sal wees.

**Dr Gerdrie van der Merwe VDM**

# Op berge en in stede

Hulle het mekaar in die hart van Hillbrow ontmoet. Vandag kerk die twee tussen die berge. Die gemeente waarvan hulle deel is, is in Winterton in mooie Noord-Natal, aan die voet van die Drakensberg. “Ons het begin dink dis dalk tyd vir ’n skuif. Toe op ’n dag besluit ons, ons gaan net een CV opstel en sê: Ons is ’n *package deal*, so of julle vat ons altwee of nie een van ons nie! So, toe het hierdie gemeente een dominee-pos in twee gedeel sodat ons elkeen nou ’n halwe pos het.”

“Teoreties,” lag Ben.

“Ja, teoreties,” sê Elise, “maar dit beteken darem ons mag ander goed ook doen om ons inkomste aan te vul. En dis lekker. Niemand is niemand se baas nie, en ons werk saam.”

Ben vertel hy het grootgeword in ’n slaghuis. Dié dat hulle nou behalwe vir die gemeentewerk, ook maandeliks vleis verwerk en dit verkoop in die stad. Die laaste tyd maak hulle ook spesiale “pasta-disse” wat mense kan bestel.

Die feit dat hulle meer as een werk het, is nie vreemd vir die mense van Winterton nie, sê hulle. Baie van die mense daar beoefen meer as een beroep.

“Die kosmaak en vleisverwerk het op ’n manier ook ’n tipe bediening geword,” sê Elise en vertel van die interessante interaksies met mense wat deesdae al meer só op hulle pad kom.

Dit was in Melville-Kruisgemeente waar hulle destyds vleis op die kantlyn begin verwerk het. Voor Winterton, was die twee jare lank daar saam studenteleraars.

“Ons is van daai gelukkige mense. Sommige mans en vrouens moet liefs nooit saamwerk nie, maar ons kan maar!” sê Ben.

Hy het grootgeword in Alberton in Gauteng en Elise op Sannieshof in Noordwes. Elise sê sy het in graad 7 al geweet sy wil ’n predikant word.

Sy was ’n jong dominee by MES in Hillbrow, toe Ben haar destyds daar ontmoet het. Hy was pas klaar met diensplig en het vir ’n jaar in sy pa se slaghuis gewerk. Toe gebeur ’n paar vreemde dinge en ervaar hy ’n tipe roeping, en so raak hy toe betrokke by MES wat uitreik na mense in nood in die middestad van Johannesburg.

Vir ’n ruk lank het hulle bloot saamgewerk, but *one thing led to another* en hulle raak verlief. En nie lank daarna nie, trou die twee. En nie lank dáárna nie, was daar drie kinders …

Hulle vertel van rowwe, maar opwindende tye in die stad.

Ben het intussen teologie begin swot en hulle het onder andere in Yeoville, reg langs Hillbrow gewoon. “Vir ses jaar met drie kinders, op ’n sendelingsalaris!” sê Elise.

Ons gesels oor hulle nuwe lewe op Winterton.

Dit is ’n wonderlike boeregemeenskap maar daar is deurlopend ook ’n element van toerisme omdat dit aan die voete van die sentrale Drakensberge geleë is.

Elise sê dit het ’n tyd geneem vir die plattelandse mense om te besef sy is nie net die dominee se vrou nie. “Maar ek geniet die leefstyl. Dis besig,

maar daar is ’n rus in ’n mens se siel wat jy nie verstaan voordat jy dit eers ervaar het nie. En die mense gesels! Ons dorpie is klein, maar omdat dit ook ’n toeristedorp is, is hier heeltyd iets aan die gebeur – bergfietswedrenne, trailruns, stapekspedisies en nog meer. En die gemeenskap gee vir mekaar om. Almal ondersteun mekaar se inisiatiewe,” sê sy.

Hulle vertel hoe goed die verskillende gemeentes in die Winterton-omgewing saamwerk, ook oor kerkgrense heen. Elke nou en dan is daar ’n gesamentlike ekumeniese erediens op die dorp waarvan hulle deel is.

“Die gemeente het die pos destyds geadverteer en gesê hulle soek ’n dominee wat nie net uitreik na die gemeente nie, maar ook na die gemeenskap,” sê Ben en vertel van die betrokkenheid van die gemeente en die groot klem wat daar geplaas word op gasvryheid en om almal in te nooi.

Op Winterton kry hulle die kans om ’n klomp van die vaardighede wat hulle deur die jare opgedoen het op nuwe maniere uit te leef.

Selfsugtigheid te midde van grootskaalse armoede en ’n klomp ander goed in Suid-Afrika pla hulle ook. Maar hulle sien baie dinge in die land raak wat hulle hoop gee.

“Ons bly in hierdie beeldskone land, ons het so ’n mengelmoes van mense en kulture, ’n ryk erfenis van sorg en omgee en geloof! Dit is mooi om te sien mense hou vas aan die Here en inspireer mekaar om dit ook te doen,” sê Elise.

Wat doen hulle vir ontspanning?

Stap in die berge! Hulle is deel van ’n stapklub wat Saterdae allerhande interessante plekke in hulle vallei verken. “En ons is mal oor kamp. Stormsrivier is ons jaarlikse Vitamiene See wat ons inkry en as daar ’n halwe kans is, is ons by Tzendse in die Krugerwildtuin. Ons sal graag meer wil oorsee reis, maar dit sal kom …”

Wanneer hulle oor hulle geloof praat raak hulle passievol.

“Saam met Hom maak die lewe sin. Saam met Hom is daar hoop en ’n môre. In sy hande is ek veilig – selfs al kom daar storms,” sê Elise.

“As ek werklik wil lewe en die voluit daarvan beleef, is die enigste manier om dit vanuit my verhouding met Jesus te doen, anders jaag ek maar net my eie stert,” sê Ben. “Ek wil nie té ver vorentoe kyk nie – dalk nog ’n bergpiek of twee wat ons kan uitklim, en ons sal so wil leef en werk dat mense die Here se lig sien skyn oor hulle lewe.”

*Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG Gemeente Villieria en die Echo-Jeuggemeenskappe.*

Jan Lubbe

# ’n Kerk bewustelik op weg …

Dit was ’n Woensdag, dertig jaar gelede. Die 9de Algemene Sinode van die NG Kerk het in Pretoria vergader en die gebruiklike broederlike onderhoud is deur die vorige voorsitter gelei. Sy tema: “Uitdagings van die nuwe Suid-Afrika vir die Ned Geref Kerk”. Een van sy heel eerste publikasies as teoloog, het die titel: “Die Kerk”. *Locus de ecclesiae*. ’n Lewenstema vir hom. Die tema was besonder aktueel, ses maande ná die eerste demokratiese verkiesing in ons land.

Daar is vanjaar – 2024 – verskeie sulke historiese momente om by stil te staan en te vra na die weg waarlangs ons aangekom het. Ons gló immers – in die woorde van die spreker daardie Woensdagaand – dat die kerk “vervul met, in die greep van en daarom gehoorsaam aan die Heilige Gees” op weg is.

Vyf-en-twintig jaar gelede het ’n boek verskyn wat wye invloed in ons kerkbegrip en kerkwees sou hê: Coenie Burger se *Gemeentes in die kragveld van die Gees* (1999). Dan was 1994 nie net algemene sinode- en verkiesingsjaar nie, dit was óók die jaar waarin die voormalige NG Sendingkerk en NG Kerk in Afrika ten dele in die Verenigende Gereformeerde Kerk byeengekom het.

’n Weg wat óók nog nie klaar is; hulle naam én kerkseël getuig daarvan en roep na ons. Ironies genoeg was dít twintig jaar ná 1974 se Algemene Sinode, waar die dokument *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* aanvaar is.

Die teologiese regverdiging van apartheid wat wasdom bereik het of alreeds ook eerste frases van ’n koersverandering daarin te lese? Nóg ’n gedenkwaardigheid: die eerste Afrikaanse Psalm- en Gesangboek van 1934; ons moedertaal, aanbiddingstaal, ’n eie styl.

Hoe klink ons negentig jaar later? Van kerksang gepraat: In 1924 besoek prof Herman Kuyper van die Vrije Universiteit ons land op uitnodiging van die Gereformeerde Kerke; hy ontmoet óók die sinodale kommissies van die NG Kerk in Bloemfontein en die Kaap. Sou daar ’n “verbroedering” kon kom? Want nóg ’n eeu tevore – in November 1824 – het ons veertien “Hervormde” gemeentes hier aan die suidpunt van Afrika in één “algemene kerkvergadering” saamgekom, waaruit ons onsself later NG, Gereformeerd, Zendingkerk en AGS sou gaan noem.

In die volgende drie weke “herdenk” ons hierdie dinge en ons weg deur twee eeue …

Terug na daardie Woensdagaand, 12 Oktober 1994. Die 9e Algemene Sinode ontmoet “in die jaar waarin Suid-Afrika met sy grootste en ingrypendste veranderinge nog ooit begin het”, het die spreker gesê. ’n Begin – hy was realisties. “Verandering” was vir hom die eerste woord om dié nuwe konteks te beskryf. Die “apartheidspolitiek” van ’n “eksklusiewe blanke regering” sou verdwyn, al wás dit vir sommige in die NG Kerk met teësin – hy was eerlik.

Die sosiale stratifikasie van “wit en swart, base en knegte, ryk en arm, onderdrukkers en onderdruktes” sou verander en “blanke Afrikaner lidmate het nie duidelikheid oor hulle identiteit as Christene in dié nuwe situasie nie” – hy was pynlik eerlik. En, daar was ’n “verontrustende verskuiwing in waardes” aan ’t kom: sekularisasie en ánder oortuigings in die bekende publieke ruimtes en raadsale. ’n Tweede woord waarmee die uittredende moderator die nuwe Suid-Afrika beskryf het, was “geweld”. Alle vorme van geweld, “gestruktureerd” én “revolusionêr”; ’n “geweldpsigose” wat onder ons posgevat het – hy was diep besorgd. Sy derde woord: “armoede”, en werkloosheid onder jongmense. Die syfers wat hy aangehaal het, lyk nou – ná “drie dekades van demokrasie” – klein, byna, asof ons dit sóu kon omkeer!

“Die kerk mag die nuwe Suid-Afrika nie ontvlug nie,” het hy voortgegaan. Sewe dinge moes ons as NG Kerk nou doen. Eerstens, “trou bly aan die Woord” om sodoende die “gelaatstrekke” van Christus te vertoon. Jesus was die “gestalte van Gods liefde” én Hy was God se “Protes” teen sonde en duisternis – die kerk sou daarom krities-solidêr in dié land moes leef. Tweedens, ’n “Lewende, Geesvervulde Kerk” sou met fyn onderskeiding haar konteks moes bly evalueer, soos wat dit almeer verander. Verandering is nie noodwendig verkeerd nie – hy’t gemaan teen “konserwatisme”. Verandering is nie noodwendig reg nie – hy’t gewaarsku teen “neo-Marxisme”. Veranderinge moes uit die Skrif en ons belydenis beoordeel word. Bly glo dat “God regeer tot in die uithoeke van ons individuele en sosiale lewe”; dáár moet ons Hom gehoorsaam.

Die derde taak: “getuienis” in leer en lewe. In leer, ten opsigte van die Bybel tussen ander “sogenaamd heilige boeke”; Christus tussen ander godsdienste; godsdiensbeoefening en gebed tussen ander lewenstyle. Ten opsigte van die lewe: eerbied vir “die goddelike oorsprong van alle lewe” en “die waardigheid van alle mense as beeld van God”.

’n Vierde taak: versoening. “As daar één teks is waaroor nooit genoeg in ons situasie gepreek kan word nie, is dit Efesiërs 2:14 – ‘Christus is ons vrede, Hy wat Jode en nie-Jode een gemaak het.’ Christus, die vrede vir alle mense, die boodskap van die kerk.” Die vyfde taak: “Koninkryksdiens” in huwelik en gesin, arbeid en politiek, wetenskap en tegnologie. ’n “Erediens op Sondag is nie ’n ontvlugting nie, maar ’n voorbereiding” om die wêreld in te gaan. Ses: die “totale heil” aan die “totale mens” – barmhartigheid – was Jesus se slotboodskap in Matteus 25. Ons moet dit dóén. En laastens, dít: één én sáám. “Die NG Kerk sal meer as ooit sy ekumeniese roeping ernstig moet opneem”; dit sal ons geloofwaardigheid laat groei as ’n kerk “wat steeds vorder op die weg van sy heiliging”…

Daar is, benewens wysheid in die uittredende moderator se rede daardie Woensdagaand, ook ’n ysingwekkende sin. Toe hy oor geweld in ons samelewing gesê het dat 605 mense ouer as 50 in ’n vorige agt maande “in hulle eie wonings aangeval” is. Drie naweke later, op Saterdagaand, 5 November 1994, is prof Johan Heyns in sy huis doodgeskiet. Dit is dertig jaar gelede. Is daar niemand in Suid-Afrika wat weet wie dit gedoen het nie? Het ons as kerkfamilie dié skokkende ontnugtering en verlies verwerk? Is dit juis daarom tyd om sy laaste woorde aan die NG Kerk te herbedink?

*Ds Jan Lubbe is voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen en predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal.*

> **Vervolg van bl 1**

nis tussen twee persone bestaan, en ons versoek daarom ter wille van die eenheid van die NG Kerk in die Vrystaat, leraars om nie self hierdie verbintenisse te bevestig nie,” luidens die besluit.

Die implikasie vir leraars wat wel bevestigingswerk vir paartjies van dieselfde geslag behartig, is dié versoek: Moenie. Die keuse bly egter die kerkraad en leraar s’n.

Koppe en gebede word vir oulaas saam gesit: Wat nou? Wat van die gemeentes wat voel dat hulle nie saam met hierdie besluit kan gaan nie?

Daar is opsies: Die moderamen het aan vier moontlike “welwillende weë” gedink, en die aanvoorwerk daarvoor is gedoen. Gemeentes moet op die ou end vry kan wees in hulle oortuiging en posisionering, en daarmee sal die VS moderamen en sinode help.

Die volgende dag praat Lubbe op die radio. “Ter wille van die eenheid van die NG Kerk in die Vrystaat, en dat daar tussen ons ordelike reëlings hieroor is, het die vergadering uiteindelik versoek dat predikante (wat amptelike bevoegdheid het om selfdegeslagverbintenisse te bevestig) dit nie sal doen nie,” het Lubbe Vrydagoggend (4 Oktober) in ’n onderhoud op RSG verduidelik. “Die besluit het gelui, dat hulle nie self selfdegeslagverbintenisse sal bevestig nie. Dit is ’n versoek, niemand word gedwing nie, maar hier is ’n versoek ter wille van ons eenheid.”

Lubbe het in dié onderhoud die sinodesitting beskryf as ’n “oop vergadering, alle standpunte is gestel, daar is heeltyd gevra: Kan ek begrip vir die ander persoon hê?”

Hy het bygevoeg: “Ons het gesê daar is ’n verskeidenheid van sieninge oor selfdegeslagverbintenisse en dat ons om daardie rede ook met mekaar hier in die Vrystaat omsigtig wil omgaan.”

In aanloop tot die eendagsaamtrek het dr Leon Foot die vergadering as ’n waterskeidingsmoment beskryf. “Vir die afgelope ses dekades, sedert 1962 – toe die destydse vier NG kerke verenig het in ’n Algemene Sinode – was die NG Kerk één. Die besluite van hierdie buitengewone sinodesitting sal bepalend wees vir daardie eenheid oor die volgende dekades,” het Foot, die skriba van die streeksinode, in die voorwoord tot die agenda geskryf.

Daardie eenheid het bly staan, maar nie sonder toegewings nie. Die NG Kerk Vrystaat “bevestig (dat) ons daarom geroep is om geduldig en met fyn onderskeiding van waarop dit werklik aankom, saam met mekaar (sal) soek na die lig van die Skrif en die boodskap van God daarin aan ons, sy kerk …” luidens ’n deel van die beskrywingspunt wat uiteindelik deur afgevaardigdes aanvaar is.

**> Lees die volledige besluit by www.kerkbode.co.za**

*Ds Chris de Vries is tentmaker by die NG Gemeente Heuwelsig.*

Oostelike Sinodesitting*

# Afgevaardigdes deel hulle stories

Die illusie wat soms van sinodesittings geskep word, is dat dit bestaan uit dominees en ouderlinge wat dit infiltreer "van buite" … Amper soos die EFF wat met hulle rooi hoedjies kom toyi-toyi. Die feit is dat afgevaardigdes na 'n sinodesitting uit gewone mense bestaan. Mense wat afgevaardig word deur gemeentes. Mense met verwagtings en hoop. Mense met stories. 'n Paar van dié mense het met **Hendrien van Vliet** hulle stories gedeel ná die sinode verby is.

**RETHA KRUIDENIER**
*Predikant, NGK Pretoria-Faerie Glen*

In 2009 het ek my werk gelos. Ek was vir baie lank die vakreferent van Teologie in die biblioteek by Tukkies. My man is oorlede, en ek het gevoel ek het nou 'n verandering nodig in my lewe. Ek het self deur berading gegaan en gevoel ek kan mense help op hierdie manier. Maar my pad met teologie het eintlik heeltemal agterstevoor gebeur. My pad het begin met MPhil in teologie, toe 'n M in Pastorale berading en toe 'n PhD in pastorale berading. Later het ek die diensleraarroete gevolg, en oor vier jaar my Grieks en Hebreeus ook gedoen. Ek is nou vir 'n bietjie meer as 'n jaar by Faerie Glen predikant, en hierdie is my eerste Oostelike sinodesitting. Daar is 'n gemoedelikheid onder die mense, en die besprekingspunte en verslae maak my opgewonde. Die mense praat uit hulle hart en daar is so baie om te leer.

**RONNIE STANTON**
*Ouderling, Pretoria-Garsfontein*

Ek kan nie dans nie! En ek drink my koffie blou. Maar ek het al redelik baie gereis deur die loop van my jare. Ek het Teologie studeer in die jare wat dit van 7 jaar na 6 jaar gegaan het. Uiteindelik kapelaan geword, en ek was gestasioneer by Pomfret, en het met die Portugese gemeenskap gewerk. Een dag het ek gaan huweliksberading doen en ek moes my tolk saamvat. Ek is nog so besig om te probeer mooi praat, en my tolk sê "Pastor, pastor, I will sort this." En hy praat warm en woes met hulle, en toe is dit uitgesorteer. Nou is ek afgetree en ek werk nou prakties by die kerk as gemeentebestuurder: maak die deur reg, ruil die slotte, spit gou 'n bedding.

Ná al my jare se diens, is hierdie my eerste sinodesitting van studentedae af. En ek was so antagonisties en negatief voor ek eers gekom het. Maar ek is verras. Dit was ongelooflik verrykend, en ek ervaar die mense en die temas baie positief!

**RIKUS BLOM**
*Predikant, NGK Meyerspark*

Ek hou van die stad. Ek het hier kom studeer, en my meisie is in die stad, so toe dink ek ek moet maar hier bly. Ek doen toe aansoek by Meyerspark, en ek geniet dit vreeslik baie. Hulle is hartsmense en ondersteun ons so mooi. Ek luister nogal baie *podcasts,* ek weet, dit klink soos werk, maar ek geniet dit om te hoor van nuwe verwikkelinge en nuus. En soos wat dit gaan met die nuus het ek nogal baie vooroordele gehad oor wat die sinode gaan wees, en ek het gedink dalk meer bakleiery, soos wat jy maar hoor aan die ander kant. Maar ek het dit regtig sinvol beleef. Ek dink dis een van daai goed waar jy jouself in 5 wil deel, want ek wil by soveel goed betrokke raak. Ek het maar *gesettle* vir die Taakspan: Teologiese opleiding.

**ANNELIZE MEYER**
*Argief en kommunikasie, Oostelike Sinode*

In my matriekjaar het vier pleegsorgkinders deel geword van ons gesin. Dit was heerlik om deel van so 'n groot huisgesin te wees. Ek het ook gereeld op sendingkampe en uitreike gegaan. Dit is dalk ook waar my liefde vir reis vandaan kom. Vroeër hierdie jaar het ek na Kroasië gereis om my dogter te ondersteun by die World Dance Challenge. Pragtige ou dorpies met "cobblestone" strate en ou kerkgeboue het die prentjie geskep van jare en jare se geskiedenis. Ek werk nou ook daarmee in die sinodehuis, waar ek verantwoordelik is vir die argief en kommunikasie. Dit is harde werk, maar dis lekker om gemeentes te help om hulle spogstories te vertel.

Almal het my gewaarsku dat 'n sinodesitting baie harde werk is. Hierdie is my eerste een, en alhoewel ek die woorde gehoor het, kon ek nie regtig verstaan hóé harde werk dit regtig is tot ek daar gekom het nie. Maar dit was 'n voorreg om deel te kon wees van die agter-die-skerms-werk, en dit was spesiaal om eerstehands die mooi verhoudings tussen sinodegangers te beleef. Saam met hulle klop my hart eenheid – die ewige optimis wat glo dat God meer kan doen as wat ons kan dink of droom.

*Nog 'n berig en foto's bl 12

*Ds Hendrien van Vliet is predikant by die NG Gemeente*

## NG Kerk Vrystaat:
## Só sê sinodegangers in Bloemfontein

Tydens die buitengewone sinodesitting van die NG Kerk Vrystaat op 3 Oktober was een van die nuuswaardige uitkomste die besluit om in verband met die Algemene Sinode te bly. **Chris de Vries** het 'n paar ander vrae aan van die afgevaardigdes gevra:

**Wat is vir jou duidelik ná vandag?**

**STEPHAN SWART**, *leraar by Bethlehem-Efrata:* Dit is vir my duidelik dat daar wel verskille is binne ons sinode, maar ten spyte daarvan is dit duidelik dat die meerderheid van kerkleiers een wil wees en bly.

**LUNETTE BASSON**, *leraar by Theunissen-Wes:* Ons Vader het sy kinders so wonderlik anders gemaak, daarom weet ons dat mense kan en gaan verskil. Wat vir my duidelik is, is dat ons geloof vir ons besonders is en dat ons daarvoor sal baklei, al is dit selfs teen mekaar (want elkeen is ewe lief vir die Here). Die Here bly steeds die groot Regeerder oor ons lewe. Hy lei ons deur sy Gees na wat reg is.

**TYS BRUWER**, *ouderling by Hugenote Gemeente:* Dit is duidelik dat die groepe verby mekaar redeneer. Elkeen het maar sy eie agenda. Daar is 'n wrok by party mense teenoor die Algemene Sinode. Dit is vir my duidelik dat die kwessie eintlik by selfdegeslagverbintenisse en seksualiteit lê.

**LOUISA JANSEN VAN VUUREN**, *ouderling by NG Gemeente Luckhoff:* Die Vrystaatse Moderamen wil regtig 'n pad van welwillendheid, vrede en liefde met AL die gemeentes en leraars stap. Na my mening word daar beslis voorsiening gemaak vir gemeentes wat hulle na vandag verwyderd van die besluit voel en ander opsies wil oorweeg. Daar is deernis en respek vir mekaar se sienings en mense is bereid om na mekaar te luister – almal soek opreg na die beste pad vir ons kerk – al verskil dit soms baie.

**Lees die res van hierdie onderhoude by www.kerkbode.co.za**

## Hulde aan Frits Gaum:

# 'n Dominee-joernalis van die hoogste stoffasie

**Hennie van Deventer van Melkbosstrand skryf:**
In die hande van my Tukkie-tydgenoot ('n latere Matie) Frits Gaum was *Die Kerkbode* 'n formidabele publikasie.

Toe hy in die 90's by die Nasionale Pers kom aanklop met die voorstel dat sy blad by die dagblaaie van die Nasionale Pers ingevoeg word as bylae, was ek dadelik positief. Dit sou waarde toevoeg, was my redenasie.

Van my kollegas was ietwat lugtig vir 'n ander stem wat oor sake van die dag in 'n byvoegsel in hulle koerante standpunte stel. Wat nou as die redakteur van die koerant in 'n hoofartikel hierdie koers inslaan en die redakteur van die kerkblad in sy hoofartikel 'n koers wat lynreg in botsing is? Dit was 'n geldige vraag.

Nadat ons daaroor gewik en weeg het, is besluit: Ons voeg dit in.

Dit was 'n goeie besluit met wedersydse voordele. *Die Kerkbode* het in meer huise gekom en is wyer gelees. Hy kon sy advertensietariewe opstoot. Die koerante het op *Kerkbode*-dag aan lesers kerklike verslaggewing van die hoogste orde te lese gebied. Die pakkie was aantreklik en het bygedra tot hulle statuur by lesers wat saak maak.

Van ongemaklik botsende sienswyses, soos gevrees is, het gelukkig niks gekom nie.

Van daardie tyd af het 'n nuwe persoonlike verbintenis met Frits Gaum tot stand gekom. Sy dood op 84 – net 'n jaar ouer as ek – ruk my. 'n Skielike leemte ontstaan. Koffiekuiers by Ons Huisie in Bloubergstrand – met lang geselse oor als en nog wat – sal daar nie weer wees nie.

Van hierdie koerantjoernalis kom 'n diep buiging na 'n dominee-joernalis van stoffasie wat diep spore getrap het. Mense het geweet van Frits Gaum, of hulle met hom saamgestem het of nie. En kritici het geweet: As hulle hom wil aanvat, moet hulle hulle potlode skerp maak.

Op Tukkies was ek in 1961 redakteur van die studentekoerant, *Die Perdeby*, en Frits redakteur van die jaarblad, *Trek*. Min het ons studenteredakteurs toe geweet dat ons paaie later weer op die joernalistieke akker sou kruis. Hoe bly is ek nie dat dit wel gebeur het nie. Al het ons ook oor sekere sake deur verskillende brille gekyk, was ons verbintenis vir my altyd verrykend. Ek neem met 'n seer hart afskeid van my vriend Frits Gaum, 'n Israeliet sonder bedrog as daar ooit een was.

## Gebed vir Israel-Palestina:

# 'Moenie NG Kerk só in geheel by 'n internasionale konflik inkoop'

**Ds Petrus Kriel van Levubu skryf:**
Die voorsitter en algemene sekretaris van die ASM het hulleself verhef tot wat genoem word globale spirituele leiers. So het hulle twee die NG Kerk aan 'n standpunt van 'n groep, wat hulle self as Globale Christelike leiers sien, verbind. Daarmee is in effek die hele NG Kerk en al sy lidmate deur hierdie twee predikante verbind tot 'n groep mense wat feitlik onbekend is. Hulle het nou die dagbestuur van die ASM oortuig om vir hulle eensydige optrede 'n algemene biddag vir die NG Kerk uit te roep op 6 Oktober 2024.

Die saak wat hulle die NG Kerk so aan verbind het, is die konflik in die Midde-Ooste. Deur hierdie twee predikante se handtekeninge is die NG Kerk verbind aan 'n dokument wat die konflik met die volgende ideologiese interpretasie so stel: "Nonviolent resistance to prolonged occupation has been met with unjustified violence by Israel and has been delegitimized by ill-considered condemnation from parts of the international community. This has contributed to a growing belief among many Palestinians in the West Bank that armed resistance is both legitimate and effective, even inevitable. This growing conviction is contrasted with a perceived failure and impotence of the commitment to non-violent resistance, peacebuilding, and reconciliation that, as Christians, we share and support. On all sides of this conflict, belief in the possibility of peace and the commitment to non-violent approaches is waning."

Die NG Kerk word nou op 'n biskopale wyse deur predikante, wat hulleself sien as spirituele leiers, opgeroep om met 'n gebedsdag hierdie waanbeeld in die kerk in te dra. Hierdie ideologisering van die kerk se gebed word vals vroom nou voorgehou as "'n daad van liefde."

Verlede jaar wou twaalf geestelike leiers van die NG Kerk ook op soortgelyke wyse die NG Kerk met so 'n tipe gebedsdag verbind om deel te word van die opbouende politieke verset teen die ANC-regering, en so sou hulle die versetblok, wat deur die DA gelei is, se spirituele leiers geword het. Toe breek die DA met hulle eie versetgroep en word deel van die RNE. Met hierdie politieke realiteit het hulle spirituele magsdrif in niksseggendheid verdwyn.

Nou het ons twee spirituele leiers wat die NG Kerk in sy geheel by 'n internasionale konflik wil laat inkoop met 'n gebedsdag. Dit het tyd geword dat die NG Kerk hierdie opbou van 'n biskopale kerk van bemagtigde spirituele leiers aanspreek. Ons is immers 'n presbiteriale kerk met regerende en lerende ouderlinge – lerende ouderlinge wat gewone bedienaars van die Woord van God is, en nie globale spirituele leiers is nie.

# Is daar ruimte vir regsinnige gelowiges in die NG Kerk?

**Arnold Griesel van Bethulie skryf:**
Die sogenaamde Drie Formuliere van Enigheid (Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), die Heidelbergse Kategismus (HK), en die Dordtse Leerreëls (DL)) vorm die belydenisgrondslag van die NG Kerk, en dien dus as hermeneutiese grondslag van die interpretasie en verstaan van die Bybel.

De jure gee die kerkorde van die NG Kerk (Art.1) nog erkenning aan die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God en instemmigheid met Art 7 van die NGB.

Inhoudelik word die status en plek van die Bybel hierin duidelik bevestig uit beskrywende sinsnedes soos: "Ons glo dat … hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat … voldoende geleer word … mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie … En aangesien dit verbode is om by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat … geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie … mag ons nie … van persone of van kerkvergaderings, verordeninge of besluite met die waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles … Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie."

De facto is die optrede en Skrifgebruik van die Algemene Sinode (AS) egter lank nie meer hiermee belyn nie. Ruimte is reeds geskep in 'n besluit van die AS van 2004 waarin Skrifgesagbeginsels gerelativeer word.

Ander besluite volg soos die opsionele bestaan en/of aard van die duiwel, ontsondiging van Bybelse aanwysings (SGV), versuimde opsig van dwaalleer (bv alternatiewe betekenisse geheg aan opstanding en maagdelike geboorte van Jesus).

Van die gevolge van die "Ruim Huis"-beleid:

Dit maak die deur wawyd oop vir veelvuldige alternatiewe Skrifbeskouings en hermeneutiese aanwendings in die NG Kerk – verskeie nuwe en bykomende lense vir die lees en interpretasie van die Bybel kulmineer daaruit. Die universele Protestantse Gereformeerde geloofooreenkoms is verbreek. NG kerkeenheid verbrokkel intern.

"Ruim Huis" geloofmodifikasies raak predikante en lidmate se geloofsdomein. Regsinniges verwerp die vrysinnige Skrifbeskouing, maar ervaar toenemende blootstelling aan vrysinnige Skrifbediening in die NGK – direk en indirek. Die AS het immers die geloofmodifikasies goedgekeur en is besig om dit toenemend toe te pas – "af te forseer".

Die bedoeling van die skrywe is veel meer as om die ommekeer in Skrifbeskouing, en die implikasies daarvan in die onlangse geskiedenis van die NG Kerk, aan te dui. Dit belig ook die onsekerheid van voortgesette regsinnige Woordbediening in die NG Kerk. Wat kerke doen en sê moet tot God se eer alleen wees. Dit is nie net die Bybel wat in die gedrang is nie, maar die Here van die Bybel …

## Sinode: Nabetragting van ’n afgevaardigde

# ‘Kompromie skep ruimte terwyl ons verder leer,’ sê leraar oor Vrystaat se versoek

**Ds Francois Lamprecht** was een van die afgevaardigdes by die afgelope buitengewone sitting van die NG Kerk Vrystaat se sinode. *Kerkbode* het hom gevra …

**Kerkbode (KB):** Afgevaardigdes by die buitengewone sinode het gekies vir eenheid, maar ten koste van die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse. Stem jy saam met so ’n vertolking en wat sou jy sê moet gay lidmate hoor in dié besluit?

**Francois Lamprecht (FL):** Ja, dit is deel van ’n kompromie, ons erken selfdegeslagverbintenisse as ’n alternatief, maar vra dat predikante dit nie bevestig nie. Dis ’n gee-en-neem om beide groepe (dié wat vir en dié wat teen selfdegeslagverbintenisse oortuig is) te vra om meer ruimte vir mekaar te maak.

Die een groep erken die verbintenisse as ’n keuse van twee gelowiges wat toegewyd aan mekaar wil leef. Die ander groep erken dat ons gay lidmate se plek en deelname in die gemeente belangriker is as dat die dominee die een is wat die woorde spreek.

Dit is nie ideaal vir enige kant nie en dit is wat ’n kompromie is. Dit skep vir ons meer ruimte om respekvolle eenheid te koester terwyl ons verder leer oor hoe die kerk oor hierdie saak moet dink.

Ek hoop dat gay lidmate hoor dat hulle kerk erns maak met die gesprek, maar dat dit nie net oor hulle as persoon gaan nie, maar ook oor hulle kerk, wat ’n klomp ander mense ook insluit. Daarmee moet elke lidmaat help, ongeag jou seksualiteit.

**KB:** Die idee van ’n kompromie binne die kerk val vir sommige snaaks op die oor (‘as iets reg is, is dit reg’) en vir ander is dit voor die hand liggend dat daar verskillende interpretasiemoontlikhede van die Bybel bestaan. Is die NG Kerk Vrystaat na dese verder weg van die Ruim Huis-benadering wat steun by die AS in Okt verlede jaar gekry het? Wat meningsverskil oor SGV toelaat en selfs vier?

**FL:** Niemand vier die meningsverskil nie, almal baklei net daaroor. Om te sê ons vier dit is na my mening maar ’n oorentoesiastiese poging om dit te laat klink of ons nie ’n groot ontevredenheid het daaroor nie.

Die kompromie lê daarin dat ons die twee kante van ’n gesprek vra om elkeen ’n bietjie van hulle skietgoed neer te sit en nader na mekaar te kom. Die feit van die saak is dat ons sekere tekste verskillend interpreteer. Dit is ’n feit en dis nie die eerste kwessie waaroor ons verskille het nie. Ons het verskillende interpretasies oor baie tekste, ons baklei net nie so hard oor almal nie.

**KB:** Watter deel van die afgelope vergadering was vir jou die mees hoopvolle aspek van die kerk?

**FL:** Natuurlik die feit dat daar steeds ’n oorwegende behoefte is na eenheid terwyl ons verder soek en leer. Die feit dat ons so verdeeld is oor hierdie saak, maar steeds bly soek na maniere om dit sáám te doen getuig van die erns van eenheid as kerk. Dit beteken ons het nog die geleentheid om beter na mekaar te luister.

**KB:** Watter deel van die vergadering was vir jou die mees kommerwekkende deel van die kerk?

**FL:** Die manier waarop persone aan albei kante ingegrawe is in hulle eie opinies. Dit maak dat baie mense glad nie meer na mekaar wil luister nie. Dit maak nie saak aan watter kant van die saak jy staan nie, as jy dink jy is die enigste een wat die Here se stem hoor en die ander luister net nie is jy op baie gevaarlike terrein. Ek het mense aan albei kante gehoor wat hulleself selfvoldaan as profete sien wat die enigste en laaste woord van God gehoor het oor die saak. Hulle gooi smalend ’n vers of twee soos ’n handgranaat wat hulle opponente moet reg skiet of weg skiet.

Ek dink dit is ongelukkig net ’n simptoom van die manier waarop die diskoers die laaste paar jare gepleeg is. Ons het te veel stemme aan beide kante van die spektrum wat glad nie luister na mekaar nie. En dit sluit van die leiers aan beide kante in.

**KB:** Hoe het jy opgesom wat by die sinode gebeur het toe jy die Sondag daarna gepreek het?

**FL:** Ek het Sondag die drie opsies verduidelik, die voor- en nadele van elkeen en gesê wat die keuse was. Toe preek ek oor Handelinge 15 se vergadering oor die opheffing van die besnydenis vir gelowiges wat nie Joods was nie (al het dit ingedruis teen elke moontlike teks wat hulle gehad het). Veral oor die respekvolle manier waarop die gemeente na mekaar geluister het, die manier waarop resultate van die werking van die Gees as grootste oorweging gesien is en oor hoekom ons dit soms so vrek moeilik vind om ook die Gees te hoor in ons eie lewe.

**KB:** Is daar aspekte van jou eie oortuigings in die gesprek oor selfdegeslagverbintenisse wat jy dink dikwels verkeerd verstaan word?

**FL:** Ek is self aan die kant wat reken ons kan plek maak vir selfdegeslagverbintenisse in ons kerk. Ek is egter glad nie op die “maar God is liefde” *bandwagon* nie. Ek kan myself nie vereenselwig met ’n siening dat God se liefde beteken ek kan nou doen net wat ek wil nie. Dit is beide God se liefde en sy geregtigheid wat ek moet erken. Ek glo in die hele Bybel as die Woord van God. My oortuigings gaan oor die manier waarop ek sekere tekste interpreteer, maar die hele Woord van God moet ek in oorweging hou.

Die grootste deel van die besluit handel eintlik oor wat ons glo as kerk. Dit maak onder andere duidelik dat ons glo in die Bybel, dat ons glo in die goddelikheid van Jesus, sy maagdelike geboorte, sy dood en opstanding, sy hemelvaart. Ek dink die kerk moet baie strenger optree teen predikante wat daardie gereformeerde belydenis nie eerbiedig nie.

**KB:** Is daar goed waarin jy begin twyfel waarvan jy vroeër oortuig was deur die loop van hierdie sinodale gesprekke en interaksies?

**FL:** Ja, vir seker, anders het ek ook niks geleer nie en moet ek myself ook selfvoldaan as onfeilbare profeet verklaar. Ek het baie foute gemaak. Veral oor hoe ek die teoloë aan die ander kant hoor. Dit was aan die begin maklik om hulle te etiketteer as fundamentaliste. Die meeste van hulle is dit nie. Dit is maklik om hulle te sien as mense wat almal dieselfde dink oor alle aspekte van die selfdegeslaggesprek, maar dit is eenvoudig net nie waar nie.

Ek het baie respek vir die manier waarop die meeste van hulle op soek is na God se wil en eer, ons verskil dalk net oor wat dit is. As dit nie ons almal se hoogste mikpunt in hierdie gesprek is nie, moet ons eerder nie deelneem daaraan nie. Dit gaan eerstens oor God, dan die kerk, dan die verskeidenheid van gelowiges. Dan, ver agter dit, gaan dit oor ons onbeholpe pogings om ’n opinie te hê.

Maar dit is moontlik ook maar net my onbeholpe opinie.

*Ds Francois Lamprecht is leraar by NG Gemeente Pellisier.*

## Groot groep dominees in Pretoria verwelkom

# Honger vir inligting, nuuskierig oor jou blindekolle … uitgebrand op godsdiens?

Met lente in die lug was daar 'n gonswoord te hoor in 'n mikro-distrik van Pretoria wat 'n mens die Excelsus-driehoek sou kon doop: Van kerkgebou met reuse-paletkruis teen die muur, tot eetsaal met vingerhappies, tot 'n Tuks-lesinglokaal sonder vensters. Die woord was leerbaarheid. Wat was die leerplan? **Le Roux Schoeman** doen verslag.

Het jou selfvertroue al ooit vinniger as jou vakkundigheid gegroei?

Dalk het jy gedink jy weet hoe om 'n projek saam met vennote in die NRO-sektor aan te pak, maar jou misgis. Dalk het jy gedink jy kan 'n lojale gehoor op 'n videoplatform bou, maar die klieks wil nie kom nie. Dalk het jy gedink jy sou, as iemand jou op straat voorkeer, meer kon sê oor die regsversamelings in die Pentateug, maar nou haak jy skielik vas. Dalk het jy gedink jy weet – *ballpark* – hoeveel teologiestudente aan die Universiteit van Pretoria inskakel by kerke waarvan jy die name ken, maar aikona. Dalk het jy gedink jy weet wat Russel Botman met swart geheue en wit geheue bedoel het en watter implikasies dit vir kerkeenheid het, maar nou het daai kennis vervaag. Dalk het jy gedink jy weet min of meer hoe 'n dominee se afskeidspraatjie ná vier dekades sou klink, maar toe hoor jy iets nuuts.

Of dalk was jy oortuig jou godsdiensuitbranding is voltrek en dan eggo iemand dit op 'n wyse wat jou twyfel wonderbaarlik destabiliseer …

Enige kombinasie van die bogenoemde gewaarwordings was moontlik vir die afgevaardigde by vanjaar se Lentekonferensie, wat van 17-19 September in Pretoria aangebied is. En só 'n soort besef sou jou die kans bied om jou so 'n bietjie los te wikkel uit ongekwalifiseerde sekerheid.

### Egtheid en ego

Die 19de Lentekonferensie het meer as 120 mense by NG Universiteitsoord op die kampus van die Universiteit van Pretoria byeengebring.

Hoofsprekers soos ds Jan Lubbe en prof Reggie Nel is na die verhoog voor in die kerk genooi, asook die dosenteraad van Tukkies, afgewissel met wegbreeksessies op kampus. Korter sessies van 10 minute elk het temas soos digitale storievertelling (ds Dewald Niemandt), jeugbediening (ds Sanré Benade) en die "fyn lyn tussen egtheid en ego" (dr Pieter Visser) ingesluit.

### Diens in vennootskap

Dr Nioma Venter het 'n reeks interaktiewe lesings oor vennootskappe gelei ("interafhanklike bedieningsgeleenthede"). Sy glo een van die unieke sterkpunte van die kerk is opgesluit in drie C's: *Connect, communicate, convene*. Waar 'n gemeente in vennootskap met ander rolspelers tree, moet die fokus lui: "Ons wil sorg dat hierdie groep goed *connected* is, gereeld *convene* en goed kommunikeer."

Venter, die nuwe algemene sekretaris van die NG Kerk, het in 2023 haar doktorale studies met 'n tesis oor samewerking tussen die kerk en maatskaplike diensorganisasies voltooi. Opvallend in haar lesings was die uiteenlopende aard van stories wat dominees in die gehoor vertel het oor terugslae en insigte wat elk – jonk en oud – in hulle gemeentes opgedoen het. Venter, wat jarelank as maatskaplike werker gewerk het, vra of gemeentes aldag die begrotings

> **"Elkeen is hier omdat jy ook hierdie bekering tot leerbaarheid onwikkel.**

ken van hulle plaaslike munisipaliteit se ontwikkelingsplan en begelei deur die loop van haar aanbieding ander in die "dans" tussen teologie, teorie en praktyk.

### Ook geloofsoefeninge

Prof Sias Meyer, in 'n vensterlose nagraadse lesinglokaal laat op 'n pragtige Pretoria-lentemiddag, het kongresgangers getrakteer met die vraag of daar 'n verband is tussen wat vandag menseregte genoem word en die Ou Testament? Terwyl 'n bydrae deur die vryskutspritualiteitswerker dr Annemarie Paulin-Campbell weer gekyk het na "geloofsoefeninge" en iets van die spektrum van sprekers getoon het met die vraag: "What can Ignatius offer Reformed ministers?"

Dit is net enkele van die sprekers en die WhatsApp-groepie waarmee organiseerders die opwip-leergemeenskap help bestuur het, het naderhand begin spinnerak tot 'n mini-matriks van 'n ooglopende teennarratief tot dié van 'n kibbelende kerk, 'n "one trick pony" met enkele debatspunte.

### Om meer te leer

Excelsus is 'n "sentrum vir bedieningsontwikkeling". Hulle bied dié jaarlikse konferensie in vennootskap met die NG Kerk en Hervormde Kerk aan en die nuwe hoof van Excelsus, dr Tom Smith, het vroeg-vroeg prof Wim Dreyer as volg aangehaal om die klem op leerbaarheid te belig: "Dit is verder opvallend dat Calvyn 'n baie spesifieke inhoud aan bekering gee, naamlik dat dit 'n bekering tot leerbaarheid is," aldus Dreyer.

Smith het verduidelik dat "selfs in die besigheidswêreld" organisasies deesdae ten diepste "leerorganisasies" wil wees. Dit is Smith se eerste jaar as organiseerder, met sy voorganger, dr André Bartlett, wat aftree en na die Wes-Kaap verhuis. Daar was wel, tydens dieselfde week, 'n kleiner afskeidsgeleentheid vir Bartlett, wat Smith en ander kollegas bygewoon het.

### Gehoorsaam aan waarheid

"My vrou is sielkundige en hulle kan net hulle professionele status behou as hulle aanhou om hulle vaardighede en dit wat hulle saam leer in te oefen," het Smith gesê in sy verwelkoming in die kerk in Duxburystraat. "Ons is dissipels, wat beteken leerder".

Smith, wat mildelik uit sy persoonlike leergierigheid geput het en die geleentheid vanjaar energiek gelei het, het gesê: "Elkeen is hier omdat jy ook hierdie bekering tot leerbaarheid onwikkel. Hy het Parker Palmer aangehaal: "To teach is to create a space in which obedience to truth is practiced." En benewens die voorbrand, hoë-vlak-omraming en gewoon 'n bietjie *hype* wat 'n mens van 'n organiseerder – veral 'n nuwe besem op dag 1 van 'n driedagkonferensie – kan verwag, het Smith ook 'n kreatiewe verwerking van 'n Bybelteks betrek wat oor vermoeidheid en uitbranding handel. Ons keer later daarna terug.

### 'Ons spring nie van dakke af nie'

In die oop sessie van die eerste dag was ds Jan Lubbe aan die woord. Die moderator van die Algemene Sinode het sy liefde vir 'n wye perspektief, die kerkgeskiedenis en waardering vir woordspel na vore gebring in 'n bydrae getiteld "Veerlig én vrekswaar: Die NG Kerk in haar wese en roeping, Anno Domini 2024".

> **Vervolg van b11**

# Bybel-Media

## JAARVERSLAG 2023-2024

MEER AS 50 JAAR van IMPAK

JOU INSPIRASIEVENNOOT
OP DIE JESUS-WEG

# VAN DIE DIREKSIE

## Wat vra geloof van 'n kerklike media-maatskappy in ons tyd? Waarop en hoe fokus ons om te verseker dat ons die Weg van Christus, die pad van dissipelskap, in ons kerk en op ons subkontinent bevorder?

Bybel-Media fokus deurlopend op hierdie vrae, tans in 'n omgewing waar die sluiting van verskeie bekende en gewilde gedrukte koerante groot nuus is. Gedrukte weergawes van verskeie publikasies verdwyn, en daarmee saam verskeie handelsname wat nie digitaal sal bly voortbestaan nie. Ook bly die redaksionele aanbod van nuusinhoud nie ongeskonde nie.

Vir Bybel-Media bevestig dit die wysheid van die besluit om reeds in 2018 as maatskappy op 'n digitaal-eerste-strategie te begin fokus. Dit kon ons sedertdien konsekwent deurvoer.

Ons belangrikste besluit was egter om die aanbod van Christelike inhoud wat geloof en groei ondersteun te verbreed eerder as te vervlak. Ons het nie as besparingsmaatreël gedigitaliseer nie, al bring dit wel groot besparings mee. Ons het gedigitaliseer omdat 'n "elektroniese drukpers" soveel wyer en verder kan tref. Ons het ter wille van die evangelie, die goeie nuus van Jesus, gekies vir 'n digitaal-eerste-strategie.

Soos altyd is Bybel-Media dankbaar vir die goeie gehalte van die Christelike produkte en materiaal wat ons bied. Dit strek vanaf die getuienis van LiG en *Kerkbode*, die produkte vir gelowiges van alle ouderdomme tot by die materiaal en hulpbronne vir predikante en gemeentes. Ons bereik ook kerkleiers van onafhanklike kerke wat honger is vir opleiding en gevangenes op soek na 'n nuwe lewe.

Hierdie werk vereis 'n uitgebreide span medewerkers. Ons het inhoudskeppers nodig, maar ook lidmate wat die evangelie wil uitleef.

Vir donateurs het ons altyd 'n spesiale dankwoord. Julle maak so ongelooflik baie projekte moontlik. Baie dankie vir elke bydrae, hoe klein of hoe groot. Die oes is groot.

**DANIE MOUTON**
VOORSITTER: DIREKSIE (2010-2023)

## Daar is drie faktore wat opvallend is in die verslag oor 'n suksesvolle termyn. Die eerste het alles met mense te doen; die tweede, wat onafskeidbaar van die eerste is, met innoverende tegnologiese vooruitgang.

Wanneer ons terugkyk op 'n finansiële jaar is dit nie net dienste en produkte wat in die geestesoog verskyn nie, maar die name en gesigte van toegewyde, passievolle, talentvolle personeel. Daar is 'n besonderse uniekheid aan die mense wat in 'n kerklike werksomgewing aangetref word. Die werklikheid van 'n nie-winsgewende onderneming soos Bybel-Media stel hoë eise aan die veelsydigheid, vindingrykheid, samewerking en aanpasbaarheid van klein spanne. Juis daarom wil die direksie van Bybel-Media erkenning gee aan hierdie mense en ons dank uitspreek teenoor die bekwame en toegewyde span wat ons in hierdie verslagperiode bly verras en inspireer het.

Bybel-Media is inderdaad 'n inspirasievennoot op die Jesus-weg wat mense wil aanmoedig om as volgelinge van Jesus te bly groei. Dit is een ding om so 'n voorneme in 'n visiestelling te verwoord, maar die realisering daarvan lê in die daadwerklike dienslewering binne kerklike netwerke en in noue samewerking met belanghebbers.

Bybel-Media beleef die waardering en erkenning van die landskap waarbinne die maatskappy werk. Ons sien dit in die aktiewe gebruik van ons produkte. Ons beleef dit in volgehoue finansiële ondersteuning van donateurs. Ons meet dit aan die beduidende en merkwaardige groei van veral ons sosialemedia-voetspoor.

Die 21ste eeu bied unieke geleenthede vir enige kerklike onderneming wat opreg en aktief soek na gepaste maniere om die koninkryk van God te dien. Bybel-Media bly verbind tot dinamiese leierskap en die ontwikkeling van tydrelevante kommunikasiekanale vir die verkondiging van die evangelie.

Ek het aan die begin gesê daar is drie faktore wat opvallend is in die afgelope termyn, maar nog net twee genoem. Die derde faktor, wat die eerste én die tweede omsluit, is dat ons die oorvloedige seën van die Here op ons werksaamhede ervaar. Daarom kom al die eer Hom toe vir alles waarvan ons in hierdie jaarverslag vertel.

*Soli Deo gloria!*

**NIOMA VENTER**
VOORSITTER: DIREKSIE (2024)

# VOORWOORD

**Dit is met groot dankbaarheid dat ons Bybel-Media se jaarverslag vir 2023-2024 aanbied. Ons is trots op meer as 50 jaar van impak en die pad wat ons saam met Jesus stap.**

Ons bly getrou aan ons missie om jou inspirasievennoot op die Jesus-weg te wees. Hierdie jaarverslag is 'n teken van ons waardering aan al ons ondersteuners, donateurs, vennote en kliënte. Julle betrokkenheid maak ons werk moontlik.

Die afgelope jaar het ons groot vordering gemaak met die bou van 'n digitale platform. Dit stel ons in staat om al ons werksaamhede, Jeugfokus, Bybelkor, LIG, Kerkbode en die Nehemia Bybelinstituut, na 'n digitaal-eerste-organisasie oor te skakel. Hierdie transformasie bied nuwe uitdagings en opwindende geleenthede. Ons fokus is om meer mense deur digitale platforms met die lewensveranderende krag van die evangelie te bereik.

Ons bied hierdie jaarverslag aan en vir al ons donateurs dankie te sê. Sonder julle sou geeneen van hierdie drome waar gewees en projekte suksesvol gewees het nie. Alle eer kom toe aan die Here vir die oorvloedige seën op ons werksaamhede.

**NICO SIMPSON**
**HOOF UITVOERENDE BEAMPTE**

## 1 | MISSIO: EEN STOP-BEDIENINGSPLATFORM

**Een storie oor digitale platforms wat bedieningsleiers bemagtig tot 'n wye reeks produkte en hulpbronne wat hulle op hulle gebiede tot diepte bring.**

Die jaar gelede het Bybel-Media [ambisieus] 'n strategiese besluit geneem om 'n digitale platform te ontwikkel, bekend as [...]. Die doel was om [...] te bemagtig om [...] te bereik. Dit het ons in staat gestel om [...] te skakel. Hierdie [...] het nuwe uitdagings en geleenthede gebring, soos [...]. Ons fokus is om [...] te bereik.

Missio is ontwerp om [...] te bied. Dit bevat [...] en [...] wat [...] help om [...] te bereik. Die platform is [...] en [...] beskikbaar.

Ons word [...] om [...] te [...].





**±640** Gemeentes gebruik die MISSIO-PLATFORM

## 2 | NUWE AANLYN WINKEL

### Bybel-Hasilla se aanlyn winkel het 'n mooie kosdjie!

Die nuwe winkel spog met 'n gewonderlike soekfunksie wat gebruikers in staat stel om die gesogte boeke of materiaal in Bybel-Hasilla se wye reeks produkte te vind: geskenkboeke, Bybelstudies, Bybels, teologiese boeke, leiergematerial, kinderboeke en gemeente-hulpmiddels. Die nuwe webblad is selfoon-vriendelik en baie aanloklik om te gebruik.

Bybel-Hasilla het ook nou 'n WhatsApp-hulplyn waardeur kliënte direk vanaf die winkel met ons kan kontak maak en navrae oor produkte kan doen.

## 3 | FAITHSTYLE-WEBBLAD

### Die nuutste skepsel onder by die Bybel-Hasilla-familie!

Dit is 'n groot voorreg om aan die Bybel-Hasilla-familie te verkondig. Bybel-Hasilla, vroeër bekend as Bybelstigting Suid-Afrika, bestaan nou 'n paar dekades en het in daardie tyd 'n groot impak op die geloofslewe van duisende mense in Suid-Afrika gehad. Ons is dankbaar vir die geleentheid om ons bediening te kan uitbou en meer mense te bereik met die Woord van God.

Bybel-Hasilla se nuutste skepsel is die FaithStyle-webblad. Dit is 'n interaktiewe platform wat gebruikers in staat stel om hul geloof te verdiep, te groei en te deel met ander mense in verskillende dele van die wêreld. Dit is 'n plek waar jy kan leer, bid, bemoedig word en jou geloof kan uitleef.

Gebruikers kan maklik registreer en hul profiele opstel. Hulle kan dan deel word van verskillende groepe, soos byvoorbeeld vir gebedsversoeke, groepe vir spesifieke boeke van die Bybel of selfs groepe vir mense wat in dieselfde omgewing woon. Binne hierdie groepe kan gebruikers met mekaar kommunikeer, ervaringe deel en mekaar bemoedig. Dit is 'n veilige en ondersteunende omgewing waar mense hul geloof kan verdiep en groei.

Bybel-Hasilla het ook 'n aantal interessante kenmerke ingebou om die ervaring vir die gebruikers nog meer verryk te maak. Een van die kenmerke is die moontlikheid om persoonlike gebedsjoernale te skep, waar gebruikers hul gebedsversoeke en antwoorde op kan teken. Dit is 'n wonderlike manier om te sien hoe God in jou lewe werk en om dankbaar te wees vir Sy antwoorde.




## 4 | ONDERSTEUNENDE KERKJAARPRODUKTE

**Ondersteun gelowiges en gemeentes om gedurende die jaar deur Jesus se storie te reis met produkte wat by die kerkjaar se seisoene aansluit**

Ons kerkjaarprodukte weerlig en bring die bewegings van die kerkjaar-ritme uit.

In samewerking met 'n predigroep van Port Elizabeth is elke dag se digkoppe [aan elke week 'n preekvoorstel saam met 'n liturgie en ondersteunende PowerPoint-aanbieding gelewer vir gemeentes om die Woord te open. Elkeen van die voorstelle bou op die vorige een. Lees meer...

Die gebruikers, Woord en Fees se Leesrooster vir Kinders vorm deel van die bestaande Woord en Fees 2020-2021 se Leesrooster vir Kinders 2021-2022. Lees meer oor hierdie produkte by [www.kerk.org.za](http://www.kerk.org.za).

## 5 | ONDERSTEUNENDE BEDIENINGSWEBBLAAIE

Ondersteun die doeltreffende bestuur van groot gemeentes, kerke, ministeries en bisdomme deur moderne tegnieke, riglyne en ondersteuning.

Digital Methods het verskeie digitale webtuistes (webblaaie) – [www.kerk.org.za](http://www.kerk.org.za), [www.kerk.net](http://www.kerk.net) en [www.kerk.co.za](http://www.kerk.co.za) – wat dien as platforms vir kennis, gemeenskap, produkverkope en bestellings.

Die app wat ons gebruik bied ook Digital Media se webtuistes aanlyn en die bestuurstelsel ondersteuning. Ons gebruik verskillende produkte om gemeentes en organisasies met kennis, ons eie produkte asook die van ander maatskappye verkoop te kan.

Meer as [redacted]

**45** PRODUKTE IN ONSE E-WINKEL

Nuwe produkte word deurgaans bygevoeg

## 6 | INSPIRERENDE DAGSTUKKIES

**Ons daglikse geloofsgesprek ondersteun digitaal met die bestelling van dagstukkies**

Digital Methods ondersteun die geestelike lewensbeleid van kerkleiers deur hulle gemeentes te help om meer geloofsgesprekke te voer. Daarom het ons besluit om dagstukkies te bestel en aan die gemeentelede te stuur.

Gedurende [redacted] is [redacted] dagstukkies verkoop en [redacted] dagstukkies gratis versprei.

**16 200** dagstukkies & **595 127** dagstukkies

Hierdie getalle sluit nie die dagstukkies in die Sepedi-taal in nie.

**5 450** INTEKENARS

Intekenaars ontvang elke dag per e-pos 'n geloofsgesprek. Die dagstukkie is gebaseer op die Bybelgedeelte vir die dag.

**1 300 750** dagstukkies

is gedurende [redacted] versprei.

# 7 | INHOUDSPAN: *LiG EN KERKBODE*



## Sterk vennootskappe, al meer videomateriaal en 'n beter kans om raakgegoogle te word

**Sowat 84 LiG-gebeurlikhede is in sewe maande vrygestel, en 145 000 "bonus"-klieks is in een maand deur soekenjins soos Google se LiG se webblad gestuur. Dit is buiten LiG se gereelde webbesoekers.**

**In hierdie kortverslag deel die inhoudspan graag hierdie soort leerpunt-data sedert Maart 2023 uit wat lees tot die sukses van LiG se digitale vertaalbeleid en inhoud, en die volgende hoogtepunte, die slag van plaasvervangende videos en blaaipenne in verwerking, and ander uitdagings.**

### VERSKILLENDE SOORTE INHOUDSPANNE

Die volgende uitdeelstukkie van digitale inhoud deling handige en logiese verbeeldingsverbeelding gebruik op verskillende gebiede.

Die LiG-inhoudspan het in Mei 2023 uitgebreid in Oktober 2023 behoorlik inhoudsgeskiedenis die Google-op-soek-algoritme beleid. Daarom verwerk hierdie gebiede vir hierdie inhoud verbeeld die duidelike kanse (gaan verbeeldingsbeleid op verskillende) wat duidelik is spesifieke kanse het.

**DIE LiG-WEBBLAD IS GEBASEER TOT**

**145 000** **"KONSTRAF" KLIEKS PER MAAND**
van LiG se webwerkers

**Brenda Fito** vertel meer ...

Die gebruik van digitale LiG-inhoudspanne is verbeeldingsvolle en logiese effekte met verskillende verbeeldingsgebiede vanaf. Hierdie word verbeeld die gebruik LiG se digitale inhoudspanne se kanse vanaf Maart 2023 gebruik. Dit word dan ook verbeeldingsvolle gebruik.

### VERSKILLENDE VIDEOS

**1 #IsaFLIKSter**

**Verskillende kanale wanneer gebruik deur middel van verskillende soorte videoskeppe met spesifieke doelwitte**

**Hierdie verbeeldingsvolle inhoudspanne, insluitende video's van die videoskeppe en die verwerking met verskillende verbeeldingsvolle verwerking en deur op sosiale media gedeel word.**

**11** **VIDEO'S** is vanaf Februarie 2023 op LiG se Facebook- en Instagram-kanaal gedeel

**Die gewilde videos het duidelik gewerk deur mense aan te moedig om hulle eie video's te skep en te deel met die #IsaFLIKSter-hashtag. Dit het gelei tot 'n groeiende gemeenskap van fliekliefhebbers wat hul passie vir rolprente met die wêreld deel.**



**Mandie Bosman** vertel meer ...

**Behandel wat van hierdie inspirasie de videobesoekstappe meegewerk het, as dit in Linda Steyaert, Fourie Rossouw, Nell Büchner en dr Friedel Olckers. Die feit dat baie van hierdie sprekers reeds 'n groot aantal gaan oor het en self die video's op hulle platforms deel (wat ingewikkeld is by die volgende en lyke hier langsaan), dra by tot die sukses van die projek.**

**Let veral op die skerp groeibenders en die aantal reaks se getal lyke met die derde reeks s'n vergelyk word.**

**GEMIDDELDE FACEBOOK-KYKE PER VIDEO »**

REEKS 1 **17 688**

REEKS 3 **76 056**

**Die inhoudspan sal beslis met y wer voortgaan met hierdie suksesvolle projek.**

## 2 God se krag in my krisis

**LIG.co.za se getuieniss raak al meer gewild op die web, en met die nuwe YouTube-kanaal verhoog die standaard van die getuienisse se uitsaalgehalte.**

Die YouTube-kanaal "God se krag in my krisis" het op 1 November 2023 die lig gesien. Dit is in vennootskap met VIA/Media24 begin.

**43 GETUIENISHOOFSTUKKE** is in die afgelope boekjaar geskiet.

Die video's is altesaam **100 107** keer gekyk.

Coretta le Roux se Marylie Hassan het as inhoudeverwerdigers opgetree.

"God se krag in my krisis" voldoen aan YouTube se vereistes om geld te verdien en het reeds begin om 'n inkomste te genereer.

Coretta le Roux vertel meer ...

Die tempo en gehalte van die videoproduksies is bemoedigend. Boonop word die video's vinnig en vanpunt sonder dat dit die inhoudontwikkeling by LIG.co.za benadeel.

**Indien die TENDENSE VIR GEMIDDELDE MAANDELIKSE BESOEKE** op ons webtuiste in Januarie en Februarie in die nie van die jaar voortduur, sal LIG in 2024 altesaam ongeveer

**2,5 miljoen** BLADSYE KYK

&

**1 miljoen** UNIEKE GEBRUIKERS BEREIK

## 3 Lig Jeugd

**"Lig Jeugd" is 'n nuwe YouTube-kanaal in vennootskap met Sybil-Heide vanaf Scholen en Bybelkwisbaie van Bybelkwisbaie.**

"Lig Jeugd" is 'n interaktiewe kanaal met Christelike vermaak vir jong kinders.

Hierdie kanaal het as 'n basis hoek bygedra

**4 K3** INTEKENAARS gekry

en **3 777** KYKE gekry

Sybil-Heide 1 Bybelkwis vir 12 Bybelkwisbaie wat met hoë afdeling vir 0-5-jariges vanaf 2021 bekend was die skoles is gedeeltelik deur Sybil-Heide Hoërskool Chelsea van Bybelkwisbaie, opvoedkundiges, en vermaak deur Kinder-Kwis, Bybelkwisbaie deur Bybelkwisbaie-vennootskap.

Hou gerus hierdie YouTube-kanaal dop vir nuwe opnames.

DIE SYBIL-HEIDE KINDERKWISSPAN

## 4 Kollig

**Kollig, die nuwe Kerkbode-podsending in vennootskap met KaapKerk, skep uur se luistergenot en bied luisteraars vir gemiddeld 20 minute per episode**

Verlede jaar se redaksionele doelwitstelling om Kerkbode-podsendings te konseptualiseer en te vestig het tot die skep van Kollig gelei.

In samewerking met KaapKerk het dit boonop die vestiging van KlankKompas*, 'n netwerk van kerklike podsendings, ontsluit.



Heléne Hoheisenheimer, Kollig-aanbieder, vertel meer ...

Kollig is in Februarie 2024 bekendgestel. Ek voer weeklikse 'n gesprek oor kerkwerk, geloofsake of 'n gebeurtenis en publiseer dit as 'n klankopname (en soms as 'n video). Hierdie klankopnames en video's is beskikbaar op Kerkbode se webblad asook op ander gewilde podsendingplatforms.

**19 KOLLIG-EPISODES** is binne vyf maande opgeneem.

**95% VAN DIE OORSEE-MENSE** het gemiddeld 20 minute lank na die episodes op die KlankKompas-platform geluister.

*KlankKompas is 'n "luisteroase vir geestelikheid wat gebruikers help om die reken van geloof te leer". Kyk www.klankkompas.com

## ADVERTENSIE EN CREW

Ons bidone gemaak oor kontakbillette kommunikasie vir LIG- en Kerkboode-lesers, sluit ons in gesprek met die kontakpersone en die redaksionele crew. Hier onder is 'n oorsig van die kontak wat ons met hulle gehad het, asook die terugvoer wat ons van hulle gekry het.



**VRIENDE VAN KERKBODE**

Die afdelingsbestuur het op **15 Januarie** 'n Facebook-groep [illegible] vir Kerkbode-lesers.

**Redaksie se SOSIALEMEDIA-TEENWOORDIGHEID**

Hier volg enkele voorbeelde:

- **1 719** Facebook-volgelinge
- **979** Instagram-volgelinge

**LIG se GEDRUKTE FORMAAT**

Die gedrukte LIG se [illegible] is [illegible] die [illegible] op 'n [illegible] [illegible] [illegible]

# 10 | PUBLIKASIES

**Verdiep gelowiges se geloof en Bybelkennis, ondersteun individue en groepe op hulle geloofsreis, versterk gelowiges se verhouding met God en lei die jeug in hulle geloofsvorming**

Onder die drukname Bybelkor en Jeugfokus ontwikkel Bybel-Media se publikasie-afdeling 'n wye verskeidenheid Christelike lewenstylboeke, Bybelstudieboeke, gemeentereekse, teologiese boeke, kinderprodukte en ander hulpmiddels vir gemeentes, gemeenteleiers, groepe, lidmate, huisgesinne, jeugmense en kinders. Ons werk nou saam met sinodale taakspanne, teologiese fakulteite en ander vennote. Besoek gerus **bybelmedia.org.za** vir meer inligting oor al ons beskikbare produkte, asook interessante artikels en blogs wat met ons publikasies verband hou.

## BYBELKOR

**Ons geloof-gelowiges-op-hulle-geloofspad deur betroubare produkte en hulpmiddels te ontwikkel**

Bybelkor se boekfokus is om produkte te lê die volgende belangrikes: [illegible]

**17** **NUWE GEDRUKTE BOEKE** [illegible] **&** **2** **KERKJAARPRODUKTE** [illegible]

[illegible]

Lê die jeug en dissipelskap hulle [illegible] gelowsontwikkeling? Is ons [illegible] groepe [illegible] die [illegible] [illegible] [illegible]

# 12 | TOEGANKLIKE KERKMUSIEK-HULPBRONNE

**Help gelowiges om God op nuwe maniere te loof en te prys deur die voortgesette ontwikkeling van gebruikersvriendelike musiekhulpbronne**

Saam met die twee sinodale baskapsane Vonkk en Flam versamel, ontsluit en voorsien Bybel-Media hoëkwaliteit-kerkmusiek aan ornelate, gemeentes se musiek- en aanbiddingleiers, orkeste en koare. Dit vergemaklik die gebruik van musiek in gemeentes se bediening.

## VONKK

Vonkk staan vir Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek. Die Vonkk-baskapsan ontsluit deurlopend klassieke kerkmusiek vir die moderne tydperk waarin ons leef.

DAAR IS TANS IN TOTAAL VAN ±

**522** VONKK-LIEDERS op

Die kerkmusiek-liedere gee aan gemeentes toestemming om liedere te sing, te projekteer, uit te sit of uit te voer en op ander maniere te gebruik. Omdat sekere melodieë of vertalings aan ander uitgewers behoort, is Bybel-Media daarvoor verantwoordelik om hierdie uitgewers uit die lisensiegelde (tantieme) te vergoed. Die lisensie-tydperk vir 'n gemeente is 12 maande.

## FLAM MUSIEKUITGEWERS

FLAM wil die lof en aanbidding in liefde bevorder deur die kleurmusiek van goeie kerkmusiek beskikbaar te stel. Hierdie span sal veral ook die werk van opkomende liedjieskrywers aan die kerk bekendstel.

**676** LIEDERE in die Flam-katalogus & **794** LISENSIE-HOUERS

## LIEDBOEK VAN DIE KERK

Bybel-Media bestuur steeds die kopiereg, druk en verspreiding van die Liedboek van die kerk.

**1 278** GEMEENTES het lisensies vir die e-liedbrondienste-projekte van dié leiers

In die afgelope boekjaar het Christian Copyright Licensing International (CCLI) steeds die lisensiëring behartig.

Vanaf Maart 2024 bestuur Bybel-Media self die Liedboek- en Vonkk-lisensies met die hulp van Church Music Licensing.



# 13 | ALLES-IN-EEN-JAARBOEK

**Bemagtig kerkkantoorpersoneel met nuut bygewerkte inligting in 'n maklik-om-te-gebruik-boek**

DIE JAARBOEK BLY 'N GEWILDE EN NUTTIGE HULPBRON VIR GEMEENTES EN ANDER INSTANSIES

Verkope van die 2023-uitgawe is

**910** GEDRUKTE EKSEMPLARE &
**92** ELEKTRONIESE KOPIEË (CD's)

# 14 | ECHO OF HIS CALL MINISTRIES IN INDIË

**Verkondig die evangelie in Indië saam met Echo of His Call Ministries**

**44+ JAAR**

is BM al betrokke by die VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE IN INDIË

Dit word gedoen in vennootskap met Echo of His Call Ministries onder leiding van pastoor Sam Selva Raj. Hulle hoofkantoor is in Chennai. Dié bediening fokus op Christelike literatuur en opleiding, maar daar word ook basis gedoen om maatskaplike hulp te verleen en ontwikkeling te bevorder.

# 15 | NEHEMIA BYBELINSTITUUT

## 1 Opleiding

Vanuit die hoofgebou en kampusse in die hart van suidelike Afrika bedien Nehemia Bybelinstituut studente en diensgewe vanuit afstandsgeleenthede.

Die Nehemia Bybelinstituut (NBI) stel diensgerigte, uitdagende afstandsonderrigprogramme aan bedienaars en diensbode beskikbaar in ons streek en ongeveer 16 verskillende lande.



**Meer as 2 000+ studente** het reeds gebaat by NBI se afstandsonderrigprogramme.

Ons gebruik van die tegnologie van die 21ste eeu stel ons in staat om ons studente se geestelike behoeftes te bedien.

NBI is geakkrediteer as 'n opvoedkundige opleidingsverskaffer. Die NBI-kursusse is by die Geheelraad vir Afrikaanse Sendinge (GrCTO) as NQF Vlak 5- en 6-kursusse geakkrediteer tot en met 2028. NBI is ook lid van die Assosiasie van Christelike Godsdiensopleidings (ACORP).

NBI het 'n vennootskap met Enterprise aan die Universiteit van Pretoria aangegaan en voorsien die sertifikate van die studente.

## 2 Uitbreidende Afrika-voetspoor

**Maak 'n groot impak deur voetspoor na Afrikalande uit te brei**

NBI het 'n voetspoor in Afrikalande en is baie dankbaar vanweë wat dit moontlik maak, soos die Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS); Esperança Para Novo Rebanho (Espanor), Milange-Mosambiek; Volle Bibliotheek Suider-Mosambiek, Christian Audio-Visual Action (CAVA) in Zimbabwe, en Hope for Africa Mission (HAM).

**BELANGRIKE VENNOTE VAN NBI SLUIT IN:**

Vrywillige fasilitateerders, bestuur, opleidingsverskaffers soos universiteite en kolleges, nasionale organisasies, kerke en pastore, lenaars en die professionele instansie Assosiasie van Christelike Godsdienspraktisyns (ACORP).

DIE NBI-SPAN

## 3 Leersentrums

**Verander die lewe van 400 bestuurders deur 35 leersentrums in Suider-Afrika**

NBI het nuwe bestuurs gestuit met twee vennote in Gauteng.

Die gaan studente met NBI bemoei, word moontlik gemaak deur vennootskappe met die SU bestuurders in die bedryf in 'n plek gebaseer studente bedienaars, bestuurders bestuurs bestuurs bestuurs

# 17 | BEVRYDENDE TRONKBEDIENINGSMATERIAAL



# 18 | VERANTWOORDBARE FINANSIËLE BESTUUR

## DIE BESTUURSPAN

> Vervolg van bl 10

Lubbe het vier "bakens beskryf", 1994, 1974, 1924, 1824. Elk 'n jaar waarin daar sinodes was, en sodoende 'n soort "voëlvlug" gebied van die afgelope 200 jaar.

"Ons het, of ons daarvan hou of nie, 'n ereskuld in hierdie land te betaal. Dit is meer as om net te sê, jammer. Ons het 'n ereskuld te betaal waarop ons nie ons rug kan draai nie. Ons sal ook nie ons rug daarop kan draai deur weg te tree van hierdie kerk nie. Ons is verantwoord in hierdie land. En, tweedens, aan Hom wat ons hier geplaas het. God roep ons om nederig na sy stem te luister," het Lubbe in sy bydrae gesê, waarna daar vraetyd was.

Lubbe het sy "leermeester", Henri Nouwen, betrek, wat "die versoeking van Jesus in die woestyn (gevat het) en sê, kyk hierna, jy kan nie klippe in brood verander nie. Jy kan nie van die tempel se dak afspring nie." Lubbe se punt: "Ons is die geliefdes van God, nie wonderwerkdoeners wat klippe in brood verander en van tempels se dakke afspring nie. En ons moet veral nie doen wat ons in die verlede so dikwels gedoen het, om voor die mag van hierdie wêreld te buig (nie)."

### Vele denominasies meld aan vir studies

Ook aan die woord was diegene wat as skakel dien tussen kerk en teologiese fakulteit. Lede van die dosenteraad het in 'n uitgebreide sessie beskryf hoe dié verhouding deur die jare verander het en tans lyk. "Hou in gedagte," het prof Danie Veldsman oor die gemiddelde eerstejaarsklas gesê: "In daai 160 studente voor jou, is daar meer as 30 verskillende denominasies." Hy het die "ongelooflik besondere dinamika" van eietydse teologiese studie verduidelik aan toehoorders wat dit dalk met die monotoon-bedeling van weleer wil vergelyk. Veldsman het die frase "konstruktiewe spanning" konstruktief ingespan voor prof Jaco Beyers, die adjunk-dekaan, verdere inligting verskaf het oor die studentesamestelling van hierdie fakulteit, wat in 1917 begin is en tans vier formele vennote het, naamlik die Hervormde Kerk, NG Kerk, Presbiteriaanse Kerk en die United Congregationalist Church of Southern Africa (met lidmaattal van oor die 2 miljoen).

By die UP se Fakulteit vir Teologie en Religie is daar tans 350 voorgraadse studente geregistreer, aldus Beyers. Die bogenoemde vier vennote se studente maak in totaal sowat 40 van hierdie aantal uit. Die gros het ander of geen kerklike affiliasie nie. Of affiliasie wat Beyers bestempel as gevalle waar vermenging van Afrika-tradisies en -kultuur en die Christendom plaasvind.



**Prof Reggie Nel (regs) en dr Tom Smith (middel in foto links, met mikrofoon in hand). Foto's: Le Roux Schoeman**

Die paneel het ook aan die hand van infografika verduidelik hoe voorbereiding vir die amp van predikant parallel tot akademiese opleiding oor 'n tydperk van ses jaar plaasvind.

### Bybelse wette oor asielsoekers

Vir dominees wat hulle Bybelse Hebreeus wou afstof, het prof Sias Meyer nie teleurgestel nie. Hy spesialiseer in die Pentateug en veral Levitikus. Hy het meer vertel oor ten minste twee benaderings tot "regsversamelings" in die Ou Testament. "Die grootste ding van die Pentateug is dat al die regsversamelings in die Ou Nabye Ooste deur konings uitgevaardig word. Die Pentateug breek daarmee en sê, "nee". Daar het die Here dit vir hierdie ou in die woestyn gegee, Moses, en daar is nie 'n koning betrokke nie," verduidelik Meyer. Sy lesing het gaan draai by "een van die radikaalste tekste wat 'n mens in Deuteronomium kry, en waar ander vakkundiges glo die wortels van moderne asielwetgewing lê.

### André Bartlett groet

Op die aand van die eerste dag was dit tyd vir 'n kleiner groepie kerklui om die Excelsus-driehoek te verlaat en te gaan afskeid neem van André Bartlett, 'n voormalige voorsitter van die Hoëveld-sinode en skrywer van boeke soos *Weerlose weerstand – Die gaydebat in die NG Kerk* (2017).

Dr James Kirkpatrick het in 'n afskeidsboodskap aan sy goeie vriend "terug gegryp" na vier begrippe in Psalm 85:11, vertaal as *kindness* (of deernis), integriteit, geregtigheid en sjaloom as helende vrede.

"Ons sal jou onthou as een van die predikante in die kerk wat helder en duidelik kon standpunt inneem, maar wat oorredend was, omdat dit kind was. Ons sê vir jou dankie vir daai *kindness*," het Kirkpatrick tydens die funksie by die Algemene Sinodekantoor gesê. Hy het bygevoeg dat Bartlett 'n passie vir gemarginaliseerdes openbaar. "Ek wil hê jy moet dit van ons hoor, dat jy hierdie gewigtige sake wat op ons hart móét lê vir ons met jou lewe geïllustreer het. Ons sal jou altyd dankbaar wees daarvoor."

### Kerk en samelewing

Bartlett het sy jare in die bediening as 'n lus maar ook 'n las beskryf en kollegas bedank. Die moeilikheid was ook soms sy eie skuld, het Bartlett toegegee.

"Dit was moeilike jare in die kerk gewees … Ek het Maandag 14 Oktober 1986 my beroep gekry; daardie oggend het die algemene sinode gekonstitueer, Johan Heyns is daardie oggend as moderator verkies. Later daai sinode is *Kerk en samelewing* aanvaar. Ek het in die kerk gestap met die storm van *Kerk en samelewing* … daarna was daar al die ander strominge wat gevolg het," het Bartlett vertel oor die NG Kerk se langsame afskeid van apartheid en die debat wat sou volg oor selfdegeslagverhoudings asook kerkeenheid.

### Wit en swart geheue

Die volgende oggend, terug op kampus, was prof Reggie Nel aan die woord in die kerk. Die dekaan van die Fakulteit Teologie by Universiteit Stellenbosch is genooi om meer te vertel oor vordering by die verenigende Stellenbosch Seminarium se doel om die geskiedenis van verdeling in kerk en opleiding te probeer oorkom. Met humor en 'n breë kontekstuele aanslag het Nel aanknoping gevind by die teoloog wyle prof Russel Botman wat in 'n stadium geskryf het oor "ons twee geheues", onderskeidelik wit en swart. "Dit is 'n kru onderskeiding, maar, *for the moment*, kom ons hou daaraan vas," het Nel gesê. Waar die wit geheue dalk dinge soos die teologiese regverdiging van apartheid, die debat tussen Barthiane (dialektiese teologie) en Kuyperiane (Neo-Calvinisme) ens bevat, bevat die swart geheue stellig weer goed soos sendingteologie teenoor kontekstuele teologie, Belhar en hofsake rondom kerkeenheid, het Nel kortliks verduidelik.

"As ons nie hierdie twee geheues, *memories*, versoen nie, sal die uiterlike dinge wat ons doen altyd kunsmatig en oppervlakkig wees. Dit is in onse *memories* ingebak," het Nel gesê. "Dit is belangrik (om te weet) wat is in ons geheues wat dalk vir ons terughou."

### Waar ware rus is

Die selfondersoekende toon van Nel se bydrae het eggos gedra van Tom Smith se woorde op die eerste dag, waar Smith naas reëlings en rigtinggewende opmerkings 'n aanhaling gelees het deur die teoloog Eugene Peterson, wat Matteus 11:28-30 só (her)vertolk:

**28:** "Are you tired? Worn out? Burned out on religion? Come to me. Get away with me and you'll recover your life. I'll show you how to take a real rest.
**29:** Walk with me and work with me – watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you.
**30:** Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.

Smith se woorde hierna was: Here, help my onthou: Sag is u juk, lig is u las.

**> Lentekonferensie 2025 sal van 16-18 September plaasvind.**

# Sinode kies vir roeping en eenheid eerder as twis en verskil

Kerkwees in die koninkryk en ’n besluit oor kerkverband op die voorfront tydens die laaste dae van die Oostelike sinodesitting, berig **Hendrien van Vliet**.

“Ek kan vanoggend hier staan, want iemand het my na Jesus gelei, so op die Romeinse pad. Ons het uit Romeine gelees.” So spreek Nico Swart, predikant by Skuilkrans-gemeente, die vergadering toe, tydens die verslag van die taakspan vir missionale kerkwees. Alhoewel Nico na die Here gelei is deur ’n individu, meen die taakspan dat die werk van evangelisasie by die gemeente lê. Die gemeente is die evangelis, die lig op die berg. Hierdie evangelisasie is soos ’n dans. “En wat is krities belangrik wanneer ’n mens dans? Om in ritme te wees met die persoon met wie jy dans,” sê ds Johan Koen jnr toe hy die vergadering toespreek oor die In Pas-program waarby leiers in die gemeente kan baatvind. Deel van missionaal kerkwees is om ook in ritme te wees met God, en om in ritme te wees met Hom moet gemeentelede en gemeentes oefen om saam te dans. Die taakspan het gepoog om sinodegangers toe te rus met materiaal en hulpbronne om hierdie ritme-inoefening te vergemaklik, en om relevant kerk te wees in die konteks waar hulle is, en mense oor grense te bedien.

Ds Ryno Meyer, van Pierre van Ryneveld Geloofsfamilie, het gedeel hoe so ’n kerk moontlik kan lyk. Die gemeente het al in 2019 begin met die proses van kerkplanting en op 24 Oktober 2021 is Fellowship City geopen. Dit het nie maklik gekom nie, maar dit was moontlik omdat bestaande netwerke en verhoudings gehelp het. Ryno het gaan leer by Rooted Fellowship, wat mense leer hoe om kerk te plant. Hulle het by NG Gemeente Doornkloof se deur aangeklop as vennoot. Pierre van Ryneveld het die span en die kennis. Doornkloof het die fasiliteite. Saam kry hulle dit reg om hierdie droom te bewaarheid. ’n Gemeente wat die onmiddellike area bedien, transkultureel, ’n kerk wat dissipels mentor om dissipels te word in die wêreld.

As deel van die sinode se evangelisasie en dienswerk, is 52 Tswana-Bybels oorhandig aan die werknemers van Weesgerus-vakansieoord. Die sinode het ook ’n wildeperskeboom geplant as deel van die kerk se wyer roeping in die skepping, maar ook om mev Tersia Petzer, administrasiebeampte by die sinodehuis en wat aftree later hierdie jaar, op ’n formele wyse te groet.

**Sowat 158 afgevaardigdes het 7-10 Oktober byeengekom by Weesgerus op Modimolle. Die tema was Biddend, saam op pad! Afgevaardigdes het onder meer verslae oor ekologie, leraarsversorging asook verband met die Algemene Sinode bespreek. Foto’s: Hendrien van Vliet**

Dissipelskap en roeping is egter nie net beskore vir die sinodale diensraad, of taakspanne of predikante nie, maar vir elke lidmaat. Na aanleiding van tafelgesprekke tussen leraars en kerkraadslede, was dit duidelik dat daar ’n magdom inligting beskikbaar is om lidmate te bemagtig. Anandie Greyling het sinodegangers uitgenooi om dadelik in te skryf by Hugenote Kollege, of by Excelsus se nuusbrief en deel te neem aan die korter kursusse. ’n Mens hoef nie te wag vir ’n sinodesitting om te hoor van nuwe leergeleenthede nie.

Alhoewel daar baie aspekte van kerkwees is wat die sinode saambind, was daar nog die saak rondom kerkverband wat wrywing veroorsaak by sommige. Op die tafel van die vergadering was ’n beskrywingspunt van NG Gemeente Burgersfort wat versoek het dat gemeentes wat daarvoor aansoek doen, toegelaat word om as ’n nuwe sinode af te stig op grond van die onversoenbare Skrifinterpretasies binne die kerkverband. Na meer as twee ure se debatvoering het die vergadering met ’n volstrekte meerderheid die beskrywingspunt nie goedgekeur nie, en het gekies vir eenheid, eerder as afstigting. Dr Hancke van Blerk het sy hart gedeel oor hoe sy tyd wat hy spandeer met die SDR en mede-sinodelede hom oortuig het dat eenheid ’n móét is: “Hulle is net so lief vir die Here soos wat ek is. God kan wondere doen. My standpunt oor tekste en Skrifinterpretasie het nie verander nie, maar my houding het wel. Ek is geïnspireer vandag! Vandat ek in die bediening is, is daar altyd ’n kwessie wat dit regkry om die kerk te rem, en ek is moeg daarvoor. My gebed is dat die momentum wat vandag by hierdie sinode gebeur het en wat ons geleer het, ons in die toekoms sal indra”.

’n Toekoms wat nie aldag so blink lyk vir klein plattelandse gemeentes nie, waaronder 12 gemeentes wat nie meer ’n predikant in diens het nie. Daarom is ds Francois Retief getaak om ondersteuning en begeleiding te bied aan hierdie gemeentes, sodat hulle nog steeds die voetspore van die koninkryk kan wees, daar in hulle klein, plattelandse kontekste. Die sinode sluit af in aansluiting met hulle tema “Biddend, saam op pad”, en sing saam: “Laat u ryk kom, u wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde.”

*Ds Hendrien van Vliet is predikant by die NG Gemeente Kempton-Hoogland.*

Cas Wepener

# By ’n proefpreek in die Hantam: Die krag van ‘ten spyte van …’

Ons is in die Hantam vir ’n proefrediens van ’n finalejaarstudent. Voor die diens begin is ons saam met die kerkraad in die konsistorie.

Van agter die ou houtdeure dreun dit in die kerk. Die *praise-and-worship*-span en gemeente sing “koortjies”.

Koortjies is kort liedere, gewoonlik net enkele versreëls lank, wat op ’n herhalende en meestal opgewekte ritmiese wyse met handeklap gesing word. Byvoorbeeld, toe ons instap sing ons “Heerlik, heerlik, sal die vreugdetoon, eenmaal klink waar vrygekooptes woon, waar ons vergader rondom die troon …” En ek dink iets van my eie gemoed deel die meeste mense wat nou sing. Dit was ’n laaaang week. Maar die lied sê “ten spyte van” jou week, ten spyte van jou maand en jaar, ten spyte van jou lewe … eendag en heerlik en dit kan nou reeds geproe word.

Dan volg die formaliteite. En ’n proefpreek. Na elke spreker se bydrae word nog ’n koortjie gesing, ook na die preek. Die dominee vra ’n ouderling wat die student en sy mense goed ken, om ’n dankwoord te spreek.

“Sukses behels nie wat jy bereik in die lewe nie,” sê die ouderling oor die student. “Dit gaan by uitstek oor die uitdagings wat jy kon oorkom”. En op ’n diep vlak is dit so waar van hierdie jongman. Die eerste uit hierdie gemeente in die Hantam om sy teologiese studies te voltooi, verneem ons. Ook dat sy “Maama”, soos die mense in die geweste na ’n kind se ma verwys, dood is toe hy net ses was. Sy pa, ’n plaasarbeider, was toe alleen met twee klein seuntjies. Ook sy ma wat hy daarna gekry het, verneem ons, is ’n engel van die Here. Dit was nie maklike grootwordjare nie, maar vanoggend vier ons “ten spyte van”. Pa is vanoggend ook in die diens en glimlag groot. En die engel ook.

> **Maar die lied sê “ten spyte van” jou week, ten spyte van jou maand en jaar, ten spyte van jou lewe … eendag en heerlik en dit kan nou reeds geproe word.**

Sy preektema was “leef ’n lewe van lof, want dit is God se stryd, nie myne of joune nie”. Hy het gepreek uit Kronieke, en ons kon maar luister. Hy ken teologie, maar hy ken op ’n diep vlak ook die lewe. Dit is ’n proefdiens, so dit is dus vanoggend eintlik ’n eksamen wat afgelê is. Maar ons rooipenne het in die binnesakke van ons pakke gebly, want ons vier almal vanoggend die “ten spyte van” van hierdie student, maar heimlik eintlik ook ons eie “ten spyte van”. Al wat vanoggend rooi is, is die tulpe in ons verbeelding, want soos die voorsitter van die kuratorium ons vroeër ingelig het, beteken Hantam “die plek waar die rooi tulp groei”.

Die kernboodskap van die student oor ’n lewe van lof, was “ten spyte van”. Ons hoor ook by die ouderling dat die jong prediker se lewe ’n beliggaming daarvan is. En die koortjies wat regdeur die diens gevleg word, pas perfek by die boodskap. Soos wat ons sing besef ek al hoe meer dat die gemiddelde koortjie se boodskap ook “ten spyte van” is. Maar dit is nie ’n leë “ten spyte van” waaroor die koortjies gaan nie. Nee, “omdat Hy leef, sien ek kans vir môre”. “Ten spyte van” het inhoud. Dit is Iemand, soos die koortjie “en baie diep haal Hy my uit” ook lui. Ja, “ten spyte van” gegrond op “Blye versekering” volgens ’n ander koortjie. En deurgaans is daar koortjies wat die ruwe kante van die lewe erken en verwoord, wat aan die ten spyte van wat woorde gee, soos “Bitter is jou stryd”, “Die donker tonnel is lank”, “Here, help my hierdie keer”, “Al woed die storms om my”.

Ons sit na die tyd in ’n stampvol kerksaal en eet skaaptjops en roosterkoek. En in die samesyn beleef ons “Sukses behels nie wat jy bereik in die lewe nie, dit gaan by uitstek oor die uitdagings wat jy kon oorkom”. Die koortjies beaam dat sukses oor “ten spyte van” gaan. Soos een koortjie se refrein tereg lui: “Ek het te ver gekom om nou hier om te draai”. Of soos ons jong prediker ons herinner het … dis nie jou stryd nie.

*Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

## NG NABOOMSPRUIT

### VOLTYDSE MEDELERAARSPOS

In biddende afhanklikheid van die Here stel ons ’n voltydse medeleraarspos bekend en nooi leraars uit om aansoek te doen om deel te wees van ’n dinamiese span by Naboomspruit-gemeente.

Ons gemeente is geleë in ’n gemiddelde grootte plattelandse dorp. Die gemeente het sowat 980 belydende lidmate en 130 dooplidmate. Die gemeente bestaan uit 43 dorpswyke en 12 plaaswyke. Die bediening sluit twee laerskole, ’n hoërskool en ’n ouetehuis in. Die Oog-aftreelandgoed (11 wyke), Euphoria-gholflandgoed en ander vakansieoorde val ook binne die gemeentegrense.

Naboomspruit-gemeente is aktief betrokke binne die groter geheel van ons gemeenskap. Die lidmate is, onder leiding van passievolle gemeenteleiers, betrokke by onder andere barmhartigheidsdiens, uitreikbediening en plaasbediening. Die gemeente beskik oor ’n aktiewe kerkraad wat hulle beywer om deur onder meer kinder- en jeugbediening, Bybelstudie en musiekbediening die gemeente toe te rus en uit te stuur.

**Medeleraarspos**
Die posbekleër moet alle aspekte van die gemeentelike bediening, in samewerking met sy/haar kollega, hanteer soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde en in die diensooreenkoms omskryf is.

**Dit is vir ons as gemeente belangrik dat die suksevolle kandidaat iemand is wat:**
- Sy liefde vir die Here passievol uitleef.
- ’n Gesinspersoon is en gesinswaardes uiters hoog ag.
- Fokus om gesinne en kinders te bereik en te bedien.
- Klein groepe en bedieninge help uitbou ten einde lidmate verder toe te rus.
- ’n Hart het vir die gemeenskap en met empatie barmhartigheid sal ondersteun.
- ’n Visie het om die Woord van God uit te dra sodat ander daardeur bereik kan word.
- Goeie menseverhoudings koester en toeganklik is.
- Binne spanverband kan saamwerk en floreer.

**Vergoedingspakket**
Ons bied vergoeding aan volgens die sinodale riglyne wat betref traktement, reiskoste en behuising. Die finale diensooreenkoms is onderhandelbaar.

**Aansoeke**
Indien u geroepe voel, stuur asseblief die onderstaande aan ng.naboom@gmail.com met die onderwerptitel van die e-pos: “NUWE MEDELERAAR”
- CV van drie tot vier bladsye.
- Dekbrief met oorsig van u huidige bediening, werkservaring, passie, talente en waarom u aansoek doen.

Die pre-advieskommissie behou die reg voor om onafhanklik inligting oor die aansoeker in te win ten einde na die aard van die posvereistes te bepaal wie die mees geskikte persoon vir die pos sal wees.

**Navrae**

| | |
|---|---|
| Leon Eksteen | 082 575 5766 (voorsitter pre-advieskommissie). |
| Ds LJ Pretorius | 072 394 6097 (leraar). |
| Mev CA Nel | 014 743 0152 (skriba). |

’n Kortlys sal saamgestel word en daar sal van die kandidate op die kortlys verwag word om ’n onderhoud met die kerkraad te voer en ’n preekbeurt waar te neem.

**SLUITINGSDATUM: 30 November 2024.**

*Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

# Nuwe Bybelstudies

*vir jou, jou mense en jou gemeente*

## Gestuur om te getuig

Ontdek die onstuitbare krag van die evangelie in die boek Handelinge, en leer by die vroeë kerk hoe om Jesus se opdrag om vir Hom te getuig elke dag uit te leef. Word deel van Jesus Christus se getuies oor die wêreld heen en maak 'n impak vir die koninkryk, waar jy ook al gaan.

## wag-vreugde

*wag-vreugde* is 'n boek vir Advent, dié tyd van die kerkjaar waarin ons as gelowiges terugkyk na Jesus wat vir ons aarde toe gekom het, maar ook vorentoe kyk na Jesus wat weer sal kom. *wag-vreugde* maak jou ontvanklik vir die hoop, die vrede, die vreugde en die liefde waarin Jesus ons in hierdie tyd van wag wil laat leef.

Bybel-Media

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**

Terug na die toekoms:

# Kerkwees 200: Is dit regtig iets om te vier?

**JOHAN VAN DER MERWE**

Die eerste sinode van die NG Kerk het op 2 November 1824 – 200 jaar gelede – in Kaapstad byeengekom.. Hierdie geleentheid word op 3 November met twee feesdienste, een in Kaapstad en een in Pretoria herdenk. Op 2 November vind 'n konferensie oor die gebeure by die kerkargief in Stellenbosch plaas terwyl 'n internasionale konferensie van 5 tot 6 November in Pretoria gehou word. 'n Mondvol om 'n sinodesitting te herdenk! Met reg vra iemand onlangs: "Is dit nou regtig nodig?" En vervolg dan: "Daar is tog seker belangriker sake waarmee die NG Kerk haarself kan besig hou!"

Die antwoord op hierdie vraag is onomwonde ja! Die kerk het nodig om die eerste vergadering van kerkverband op Suid-Afrikaanse bodem te vier. In 'n tyd waarin die onderlinge verband van die kerk onder beleg is, het die kerk en lidmate van die kerk nodig om die waarde van die verband opnuut te ontdek. Daarom is die subtema van die konferensies: Verlede, hede en toekoms!

Die eerste sinode 200 jaar gelede is gebore uit die behoefte vir samewerking tussen die onderskeie gemeentes aan die Kaap en later ook die Transgariep.

Nadat die NG Kerk in 1862 deur die Loedolffsaak verdeel is, het die gemeentes byna onmiddellik in 1863, 1864 en 1865 oorgegaan om die sinodes van die Vrystaat, Natal en Transvaal te stig. In 1907 het die Raad van Kerke as gevolg van die behoefte aan groter samewerking tussen die onderskeie sinodes ontstaan. Dit was die eerste tree wat tot hereniging gelei het met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962. Sedertdien was die Algemene Sinode die sigbare vergestalting van eenheid in die NG Kerk.

Die herbesoek van hierdie deel van die geskiedenis daag die NG Kerk 200 jaar later uit tot nuwe gesprekke oor die waarde van kerkverband in die gereformeerde tradisie en hoe dit op die Afrikabodem neerslag vind.

Dit moet die kerk help om nuut te dink oor kerkverband in 'n tyd waarin die gees van individualisme hoogty vier en dreig om die verband te vernietig. Dit moet ook help om na te dink oor moontlike nuwe vorme van verbandvorming binne die sinodaal presbiteriale stelsel van kerkwees wat nie net die NG Kerk kerk nie, maar ook ander kerke en die samelewing tot diens kan wees.

Is dit moontlik? Vir seker! Dink byvoorbeeld net aan die impak wat die gemeentes van die NG Kerk kan maak in terme van onderwys en die stryd teen armoede as gemeentes van die kerk op verskillende dorpe en stede in verskillende provinsies beter in een verband sou begin saamwerk om hier aan die suidpunt van Afrika 'n verskil te maak.

Dit sal die 200-jarige herdenking van 'n kerkvergadering vir seker die moeite werd maak!

*Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria.*

Nuwe Testament

# God se kweekhuise vir wellewende mense

**MARIUS NEL**

In sy *Pauline theology as a way of life* ondersoek die Amerikaanse teoloog Joshua Jipp Paulus se siening van die goeie lewe.

In dié verband sluit hy aan by hedendaagse studies oor wat ons lewe gelukkig, vervuld en sinvol maak. Oftewel goed maak. Jipp is spesifiek geïnteresseerd in hoe Paulus se beskouing van die goeie lewe van antieke Griekse filosowe en die hedendaagse veld van positiewe sielkunde verskil.

Hy wys daarop dat die verskillende Griekse filosofiese skole elkeen 'n spesifieke norm geïdentifiseer het wat mense se welstand bepaal het. Vir die Stoïsyne was die goeie lewe om altyd rasioneel te wees, vir die Epikureërs die belewing van genot, en volgens Sokrates en Aristoteles die uitleef van bepaalde deugde.

Wat opvallend is, is dat elkeen van dié beskouings hulle norm vir 'n goeie lewe in die natuurlike orde van die wêreld vind. Die orde kon kultureel bepaal gewees het of van die natuur afgelei.

In teenstelling hiermee is die norm vir die goeie lewe volgens Paulus gelowiges se deelname aan die lewe van God deur Christus en die gawe van die Gees. Vir Paulus lê die geheim van 'n goeie lewe daarom in die persoon van Jesus Christus en nie bloot in voorspoed, deugde, goeie verhoudings of self geestelike dissipline nie. Volgens Paulus openbaar Jesus sowel ware goddelikheid as menslikheid en daarom is die hoogste goed deelname aan Christus se lewe en dood. Hy stel gelowiges uiteindelik ook in staat stel om in God se lewe te deel.

Die norm vir 'n goeie lewe is dus nie in die natuurlike orde te vind nie maar in die wese van God. Gelowiges se deelname aan God is vir Paulus nie net 'n toekomstige moontlikheid nie.

Dit begin reeds in die hede deur die transformasie van gelowiges se denke deur die Heilige Gees sodat hulle in staat is om op 'n manier te leef wat God se guns geniet.

In 'n getransformeerde lewe is hulle liefde vir die liggaam van Christus deurslaggewend. Net soos die antieke filosowe en hedendaagse positiewe sielkundiges beskou Paulus verhoudings as deurslaggewend vir menslike welwese.

Ons welwese is vir hom onmiskenbaar 'n gemeenskaplike belewenis wat ons saam met ander beleef danksy ons gedeelde identiteit in Christus. Om dié rede is 'n goeie lewe een wat bestaan uit betrokkenheid by ander, die deel van hulpbronne met mekaar en die gesamentlike aanbidding van God. Geloofsgemeenskappe, soos gemeentes, is daarom in wese God se kweekhuise vir wellewende mense.

*Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch en is assessor van die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk.*


## NG GEMEENTE HOPEFIELD

**VAKATURE: LERAAR (vastetermynpos vir drie jaar)**

**Oor ons gemeente**
Hopefield is 'n plattelandse gemeente aan die Weskus met 207 belydende en 49 dooplidmate. Daar is 'n meerderheid ouer lidmate, maar ook 'n pragtige klomp jonger mense in die gemeenskap. Die gemeente is in 1851 gestig en vier vanjaar 173 jaar van die Here se genade – deur tye van voorspoed en ook teenspoed. Ons glo dat die Here ons ook in die toekoms sal bewaar.
Hopefield het een van die beste skole aan die Weskus en daarop is ons baie trots. Kinders kom van ver af om hier skool te gaan. Groter sentra met mediese sorg en besighede, Langebaan, Vredenburg, Malmesbury is binne 50 km van Hopefield af.

**Kandidate:**
- Moet begrip hê vir die uitdagings van 'n plattelandse gemeente.
- Oor bedieningsvaardighede beskik om met alle ouderdomsgroepe te kan werk.
- 'n Entoesiastiese gemeenteleier wees.
- 'n Goeie spanwerker sal tot u voordeel strek.
- Getroue besoeke aan lidmate is 'n prioriteit.
- Daar is baie mense in die gemeenskap wat deur getroue omgeebediening weer teruggebring kan word na die gemeente en die Here.
- Goeie verhoudinge met ander kerke in die gemeenskap is baie belangrik.
- Dit is 'n vastetermynpos vir drie jaar. Die kerkraad sal kandidate wat voltyds of deeltyds beskikbaar is, oorweeg.

**Pligte:**
Volgens Art 9 van die Kerkorde en soos ooreengekom. Die gemeente plaas 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking en getroue huisbesoek en siekebesoek.

**Vergoeding:**
- Die maksimum totale koste van indiensneming (KVI) wat beskikbaar is, is R360,000 per jaar.
- 'n Ruim geskiedkundige pastorie met krag en water word voorsien (bykomend tot die TKVI).

**Aansoeke:**
Gelegitimeerdes van die NG Kerk (enige ouderdom of bedieningsfase) word uitgenooi om 'n volledige CV met hulle besonderhede en motivering, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: Die skriba by ngkerkhopefield@telkomsa.net OF ngkerkhopefield@gmail.com

**Sluitingsdatum: 13 November 2024.**

**Diensaanvaarding**: 1 Februarie 2025 of 1 Maart 2025.

Die kerkraad mag uit die aansoeke persone nooi vir gesprek en preekbeurt, maar behou die reg voor om nie te beroep nie indien daar nie geskikte aansoeke kom nie.

**Navrae:**
Visser Bezuidenhout (voorsitter van die kerkraad) sel: 082 779 3328.
Dr HJ Prinsloo (konsulent) sel: 065 576 2986 (hjprinsloo@live.com

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

Hierdie kennisgewings is op 18 Oktober 2024 opgedateer.

**BEROEP**
Ds M (Mardi) Badenhorst van Carnarvon na Humansdorp-Oos; dr AR (Anton) Fick van Constantiakruin na Kloofendal; ds GEH (George) Matthee van Meerensee na Debruinpark-Ermelo.
**AANVAAR**
Dr C (Carine) Botha van Krielpark na Basileia (Witbank-Klipfontein); ds MMD (Marius) Britz van Langebaan na Nuwerus; dr CJV (Christo) Fourie van Heuwelsig na Petrusburg; ds JW (Johan) Janse van Rensburg van Nieuwoudtville na Kuilsrivier-De Eike; ds SJ (Stephan) Naudé van Newtonpark na Doornkloof; ds T (Tertius) Naudé van Meerensee na Noordkus; ds C (Christo) Nel van Riebeeckstad na Wesselsbron; ds FJ (Fritz) Snyman van Universiteitsoord na Lynnwood; ds Chris van der Merwe van Hopefield na Philadelphia.

## WES-KAAPLAND

**AANVAAR**
Ds Johan Janse van Rensburg, tans leraar by NGK Nieuwoudtville, het die beroep na NGK Kuilsrivier-De Eike aanvaar. (Mariana van Schalkwyk, saakgelastige, 07.10.2024).
**BEVESTIGING**
Ds MMD (Marius) Britz van Langebaan het die beroep na NG Kerk Nuwerus aanvaar en word DV op Sondag 3 November 2024 bevestig. (Anna-Maré Mostert, skriba/kassier, 14.10.2024).
Ds Chris van der Merwe vanaf NG Kerk Hopefield het die beroep na NG Kerk Philadelphia aanvaar en word bevestig in die amp op 1 Desember 2024. (Annemart Agenbag, saakgelastigde, 10.10.2024).
**DEMISSIE**
Die NG Kerk Suider-Strand het onlangs 'n Reglement 21-proses gevolg weens bedryfsvereistes. Ds Samantha Chamberlain en ds Carel Smith ontvang hulle demissie op 20 Oktober 2024, wat geld vanaf 31 Oktober 2024, met volle behoud van bevoegdheid. (Sel-Marié Brand, admin-bestuurder, 15.10.2024).

## OOS-KAAPLAND

**BEROEP**
Ds Mardi Badenhorst van NG Gemeente Carnarvon is beroep na NG Gemeente Humansdorp-Oos. (Erina de Jager, saakgelastigde, 15.10.2024).

## KWAZULU-NATAL

**BEVESTIGING**
Ds Tertius Naudé van die NG Gemeente Meerensee het die beroep na NG Gemeente Noordkus (Ballito Gesinskerk) aanvaar. Bevestiging en intreepreek op Sondag 10 November 2024. (Leonie Spangenberg, skriba: NG Gemeente Noordkus (Ballito Gesinskerk), 30.09.2024).

## VRYSTAAT

**BEVESTIGING**
Dr Christo Fourie (was lidmaat by NG Kerk Heuwelsig) is op Sondag 29 September bevestig as leraar by die NG Kerk Petrusburg. (Madette Lombaard, skriba: Petrusburg, 01.10.2024).
Dr Gretha Heymans is op 6 Oktober bevestig as leraar van die NG gemeentes van Fauresmith en Jagersfontein. (Ds Mias Nortier, leraar: Jacobsdal, 06.10.2024).
Ds Christo Nel van NG Gemeente Riebeeckstad het die beroep aanvaar na NG Gemeente Wesselsbron. Sy bevestiging as leraar, gehanteer deur ds Rene Wessels, is Saterdagmiddag 23 November en sy intreepreek is Sondag 24 November. (Adri Marx, gemeentekoördineerder, 11.10.2024).
**EMERITAAT**
Ds Willem Burger van NG Gemeente Sasolburg-Fakkel emeriteer op 31 Oktober 2024. Die kerkraad het op 'n kerkraadsvergadering van 27.08.2024 die besluit geneem om hom vanaf 1 November 2024 in 'n kontrakpos aan te stel wat oor drie (3) jaar strek. (Ds Friedrich Kotze, Ring van Vaalpark, 05.10.2024).

## GOUDLAND

**BEROEP**
Die kerkraad van die NG Gemeente Kloofendal het op sy vergadering van 18 September vir dr Anton Rupert Fick, wat in November 2024 by die Gemeente Constantiakruin emeriteer, as leraar van die Gemeente Kloofendal met ingang van 1 Februarie 2025 in 'n vastetermynpos, beroep. (Johan van Schoor, gemeentebestuurder: Gemeente Constantiakruin, 20.09.2024).

## NOORDELIKE

**AANVAAR**
Ds Fritz Snyman van NG Gemeente Universiteitsoord het die beroep as medeleraar aanvaar na Lynnwood Gemeente. (Nicole Wilson, finansiële beampe: Lynnwood Gemeente, 09.10.2024).

## HOËVELD

**BESTAANSVIERING**
Die NG Kerk Randburg vier 80 jaar se bestaan op Sondag 3 November 2024. Oud-lidmate en ander belangstellendes is welkom om die erediens om 09:00 en die geselligheid daarna by te woon. Bywoning kan per e-pos bevestig word: ngrburg@mweb.co.za. (Shani Oberholster, administrasie, 16.10.2024).

## OOSTELIKE

**BEROEP**
Ds George Matthee van NG Gemeente Meerensee is op 2 Oktober beroep na NG Gemeente Debruinpark-Ermelo. (Ds Dif Ehlers, leraar: NG Gemeente Debruinpark, 04.10.2024).
**BEVESTIGING**
Ds Stephan Naudé van NG Gemeente Newtonpark het die beroep by NG Kerk Doornkloof aanvaar en sal in diens tree vanaf 1 November 2024. (Natasha Meyer, admin: NG Kerk Doornkloof, 30.09.2024).
Dr Carine Botha van NG Gemeente Krielpark het die beroep as medeleraar na NG Basileia Gemeente (Witbank-Klipfontein) aanvaar en word DV op Sondag 3 November 2024 tydens die oggenddiens om 08:30 bevestig waarna sy ook haar intreepreek in die gemeente sal lewer. (Ds AM (Marius) Nel, voorsitter: kerkraad, 11.10.2024).

# NG GEMEENTE BELLVILLE-RIEBEECK

### VAKATURE VIR DEELTYDSE VASTETERMYNPREDIKANTSPOS (DRIE JAAR)

Die NG Gemeente Bellville-Riebeeck maak in biddende afhanklikheid bogemelde vakature bekend met die voorneme om 'n begindatum van 1 Februarie 2025, met die predikant wat beroep sal word, te onderhandel. Die gemeente het tans 'n voltydse gemeentepredikant en daar word beplan om hulp aan hom uit te brei.

Gemeenteprofiel: NG Gemeente Bellville-Riebeeck is 'n voorstedelike gemeente in Bellville met ongeveer 740 lidmate, waarvan 61% van die belydende lidmate bo 65 jaar oud is. Bellville-Riebeeck is verbind daartoe om 'n missionale gemeente te wees wat in gehoorsaamheid aan die kerk se goddelike roeping, streef om die koninkryk van God te laat kom in die konteks waarin die Here die gemeente geroep het. Die demografie van die gemeente het oor die laaste aantal jare aansienlik verander en die gemeente wil graag 'n verskil maak in die omgewing waarin dit bedien. Die kerkraad wil gevolglik graag nuut dink rondom 'n multikulturele Engelstalige bediening, parallel aan die huidige bediening.

**Leraarprofiel en vaardighede. Die suksesvolle applikant moet:**
- 'n Gelegitimeerde NG predikant wees met toepaslike ondervinding.
- Die geestelike versorging en opbou van 'n gemeente prioritiseer en die missionale roeping van bediening na buite onderskryf
- Iemand wees vir wie menseverhoudinge belangrik is en wat dit kan bou en onderhou.
- Iemand wat sterk ondersteuning aan die voltydse gemeentepredikant kan bied en ook bereid is om leiding te neem in ooreengekome aspekte.
- 'n Passie hê vir seniorbediening.
- 'n Passie hê vir pastoraat en sterk daarin onderlê wees.
- Verstaanbaar en geïnspireerd eredienste lei wat ondersteun word deur besondere kennis van die Woord van die Here.
- Die vermoë hê om brûe te bou tussen verskillende portuurgroepe in 'n gemeente en kultuurgroepe in 'n gemeenskap.
- Hy/sy moet goed tweetalig wees en 'n erediens in Engels kan lei.

'n Emerituspredikant wat aptyt het om hom/haarself vir nog 'n paar jaar energiek in die diens van die Here beskikbaar te stel, is ook welkom om aansoek te doen.

**Vernaamste pligte:** Buiten die bogemelde vaardighede en passies van die verwagte profiel, wat aanduidend is wat as primêr beskou word vir die gemeente, word uiteraard verwag dat die leraar alle pligte soos vervat in Artikel 9 van die Kerkorde sal uitvoer. Spesiale aandag sal verlang word in die volgende:
- o 'n Leidende rol in die vestiging van nuwe bedieninge in die multikulturele gemeenskap binne die gemeente se grense.
- o 'n Ondersteunende rol in pastoraat en siekebesoek.
- o Verseker dat seniorbediening die aandag en ondersteuning geniet wat dit verdien.

**Vergoeding:** Vergoeding sal met die suksesvolle kandidaat beding word volgens die vergoedingspakkette van die Wes-Kaapse sinode as riglyn. 'n Pastorie is nie beskikbaar nie en behuising, indien benodig, sal deel van die totale koste van indiensneming vorm.

**Aansoeke:** Die sluitingsdatum vir aansoeke is **30 Oktober 2024** om 12:00.
Aansoeke moet per e-pos gerig word aan Johann Strauss by johann.strauss51@outlook.com en/of ds Martin Steyn by martin@ngkbriebeeck.co.za en moet die volgende insluit:
- 'n CV met besonderhede van drie referente,
- 'n Voltooide vraelys – kontak die gemeente kerkkantoor by kktoor@ngkbriebeeck.co.za vir die vraelys.

**Navrae:**
Navrae kan gerig word aan Johann Strauss (voorsitter DVK) by 082 904 2689 of ds Martin Steyn (gemeentepredikant) by 083 321 8130. Kandidate wat op die kortlys geplaas word, sal gekontak word vir gesprekke en onderhoude.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke wat ontvang is, te maak nie.*

# NG GEMEENTE SONSTRAAL (Durbanville)

## VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR (JEUG)

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad die pos aan gelegitimeerdes met volle ampsbevoegdheid bekend.

**Gemeenteprofiel**

- Sonstraalgemeente is in Durbanville (Wes-Kaap) geleë. Ons bedien tans 3 519 belydende lidmate en 1 358 dooplidmate, in die volle spektrum van ouderdomme. Die talle skole in ons omgewing bring stelselmatig ’n verjonging in ons gemeenteprofiel na vore.
- Ons slagspreuk is: Leef om te dien, en ons roepingstelling: By Sonstraal is almal welkom – hier leer ons saam om soos Jesus te leef. Ons leef ons roeping uit met die waardes: genade, gasvryheid en gestuurdheid.
- Ons oggend- en aand-eredienste is gasvrye en feestelike ontmoetings. Aanddienste word in ’n jong en informele idioom aangebied. Ons doen moeite om ten volle inklusief te wees.
- Ons is kerk in ons konteks waar elke lidmaat geroep word om met geregtigheid, vrede en vreugde te leef.
- Ons kuier graag saam en geniet goeie koffie!

**Leraarsprofiel**

- Opregte, geïntegreerde en dinamiese persoonlikheid met die vermoë om uitstekend in ’n span saam te werk.
- Goeie aanvoeling vir jongmense (Gr 7 tot studente) met ’n visie en passie vir jeugbediening.
- Vermoë om eredienste met passievolle en kontekstuele prediking, kreatiewe liturgie en teologiese suiwerheid te lei.
- Visie en passie vir die gemeente se gerigtheid na buite.
- Vereenselwig met die gemeente se visie en roepingstelling (soos hierbo uiteengesit).
- Die uitvoer van al die ander verantwoordelikhede van die amp van predikant, soos verwoord in Artikel 9 van die Kerkorde, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die gemeente.

**Vergoeding**
Volgens sinodale skaal tot ’n maksimum van Kerf 5. ’n Pastorie word nie voorsien nie, maar wel ’n behuisingstoelaag.

**Aansoeke**
Belangstellendes moet asseblief die volgende elektronies aan ons voorsien by: kommunikasie@sonstraal.org.za.

- ’n CV (nie langer as drie bladsye nie).
- Kontakbesonderhede van drie referente.
- ’n Selfoonvideo (nie langer as drie minute nie) waarin (a) jy jouself voorstel en (b) jy motiveer waarom jy oortuig is dat jy die geskikte kandidaat vir die pos is.
- ’n Skakel na ’n onlangse preek van jou.

Navrae kan aan die voorsitter van die pre-advies gestuur word by dieselfde e-posadres as hierbo.

**Sluitingsdatum: 27 Oktober 2024 (24:00).**

**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2025.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.*

# NG GEMEENTE DOORNPOORT

## VAKATURE: LERAAR

Drie jaar vastetermynkontrak – voltyds (met opsie dat dit verleng kan word)

**GEMEENTEPROFIEL:**
Doornpoort-gemeente is ’n mediumgrootte, voorstedelike gemeente aan die noordekant van Pretoria. Doornpoort is ’n gemiddelde woonbuurt, aangrensend tot die Wonderboom-lughawe. Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit woonhuise en meenthuise. Die gemeente beskik oor ’n groot, moderne en uiters doelmatige kerkkompleks. Die bedieningstyl is kontemporêr en informeel met ’n sterk fokus op die geestelike transformasie van lidmate om as gestuurdes anders te leef.

Die visie van die gemeente is “Ons Vader se hart vir elke mens”. Dit is ’n ware omgee-gemeenskap in ’n nuwe ontwikkelingsfase wat die transformasie van die gemeenskap wil verreken. Die gemeente bestaan uit ongeveer 800 lidmate waarvan ’n klein persentasie dooplidmate is.

Die predikantspos is tans vakant en die gemeente word op konsultasiebasis deur ’n afgetrede leraar bedien.

**LERAARSPROFIEL:**

- ’n Dinamiese en Skrifgetroue prediker wat deurentyd op geestelike, persoonlike- en interpersoonlike vlak ontwikkel.
- ’n Persoon met ’n vermoë om geloofsonderskeidend binne ’n veranderende landskap leiding te gee.
- Iemand met ’n missionêre en pastorale bewussyn.
- ’n Innoverende leier wat selfstandig kan leiding neem en goeie menseverhoudings kan handhaaf.
- Bewese bedieningsondervinding.
- Die vermoë om lidmate van alle ouderdomme te kan bedien.
- Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die diensooreenkoms.

**VERGOEDING:** Onderhandelbaar volgens die riglyne van die Algemene Sinode.

**AANSOEKE:**

- Aansoeke moet vergesel word van ‘n volledige CV en die name van drie referente.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ’n onderhoud en ’n moontlike preekbeurt.
- Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie en die reg om inligting te kontroleer word voorbehou.

**RIG AANSOEKE AAN:** Die saakgelastigde, e-pos: ngdoornpoort@gmail.com

**NAVRAE:**
Pieter Coertze (voorsitter van die kerkraad), 083 376 6671.
Nicolene Smuts (saakgelastigde), 082 966 0963.

**SLUITINGSDATUM:** 25 November 2024 met die oog op die uitbring van ‘n beroep in Januarie 2025.

**AANVANGSDATUM VAN POS:** 1 April 2025.

# NG GEMEENTE MARGATE

Eer aan God

1974-2024

## Vakature: Voltyds-onbepaalde termynpos (Medeleraarspos)

**Sluitingsdatum: 11 November 2024.**

Margate-gemeente, met 1 057 lidmate, is geleë langs die Suidkus van KwaZulu-Natal. Ons leuse is: MARGATE LEEF VIR CHRISTUS. Die gemeente het twee bedieningspunte, nl op Margate en Port Edward en sluit afgetredenes sowel as werkende gesinne in.

**Leraarsprofiel:** Die posvereistes sluit die primêre funksie van die predikant in, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.
Die predikant wat beroep word, is lief vir die Here en kan sy of haar geloof goed uitdruk.
Die geskikte aansoeker moet ’n passie vir familie- en gesinsbediening, skolebediening sowel as ’n besondere aanvoeling vir senior lidmate hê.
’n Missionale ingesteldheid sal ’n sterk aanbeveling wees.
Die vermoë om in spanverband te funksioneer is ’n vereiste.
Persone, verkieslik nie ouer as 45 jaar nie, sal voorkeur kry.

**Vergoedingspakket:** Volgens sinodale skaal. Gratis behuising in pastorie.

**CV:** Stuur asb ’n volledige CV met twee onlangse referente aan na:
Die saakgelastigde, ngmargate@mweb.co.za. Aansoeke moet nie vier bladsye oorskry nie.

**Navrae:** Ds Lerisa Meyer by 082 525 3664.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te maak uit die beskikbare aansoeke nie.*


# KONTAK ONS

**Teken in op *Kerkbode:*** Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

**Redaksie:**
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

**Redakteur:**
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

**Uitvoerende joernalis:**
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

**Proefleser:**
Lambert Jacobs

**Projekkoördineerder**
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

**Advertensies en vakatures:**
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
woes@mweb.co.za
**Medewerker**
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

**Kleinadvertensies en amptelike nuus:**
E-pos:
kerkbode@tydskrifte.co.za


***Die volgende Kerkbode verskyn op 15 November***

## NG GEMEENTE DORDRECHT
## Oos-Kaap

### VAKATURE: LERAARSPOS
**(VASTETERMYNKONTRAK EEN TOT DRIE JAAR)**

**Gemeenteprofiel:** Dordrecht-gemeente is gestig in 1857 en bestaan tans uit 180 belydende lidmate en 50 dooplidmate. Die gemeente resorteer binne die Ring van Dordrecht en die Oos-Kaapse Sinode.

Die gemeente bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Deel van die visie van die kerkraad is om die bediening aan ons gesinne en gemeenskap uit te bou met die oog op gemeentegroei.

Sien Facebook: NG Kerk Dordrecht

**Leraarsprofiel:**
Alle belangstellende proponente, beroepbare leraars en emeriti tot die ouderdom 68 jaar. Die leraar is 'n entrepreneur en implementeer 'n groeistrategie vir die gemeente, wat insluit: onaktiewe lidmate, geestelike groei, die insluit van jongmense en skoolkinders en die bediening aan seniors; 'n fasiliterende styl van leierskap wat lidmate mobiliseer, bemagtig en verenig om hulle gawes in die bedieninge van die gemeente uit te leef.

**Pligte:** Basiese leraarspligte met Artikel 9 as basis en soos ooreengekom met kerkraad.

**Vergoeding en voordele:** Vergoedingspakket is R430 000 (sluit bonus in). Bykomend gratis ruim pastorie met elektrisiteit, water, internet, alarm en reiskoste vir gemeentewerk.

Indien jy geroepe voel om vir die pos in Dordrecht aansoek te doen, stuur asseblief 'n volledige CV, getuigskrifte en afskrifte van akademiese kwalifikasies en akte van legitimasie. Aansoeke moet vergesel wees van 'n voltooide vraelys wat per aanvraag gestuur sal word na aansoekers.

**Sluitingsdatum: 31 Oktober 2024.**
**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2025 of soos onderhandel.

**Rig aansoek aan: NG Kerk Dordrecht**
Voorsitter: Van Aardt Greyling, e-pos: NgKerkdordrecht@lcom.co.za Sel: 082 782 7674.

## NG GEMEENTE CLOCOLAN

Die gemeente maak in biddende afhanklikheid die volgende vakature bekend:

### VAKATURE: VASTETERMYNPOS MET 'N KONTRAK VAN 2-3 JAAR

**Die gemeenteprofiel:**
Ons is 'n behoudende Skrifgefundeerde gemeente in die Oos-Vrystaat met 236 lidmate. Clocolan is 'n plattelandse gemeenskap sowat 170 km van Bloemfontein af, en beskik oor 'n uitstekende laerskool.
Ons het ook een van die beste aftree-oorde, byname "Cloc-in" in die Vrystaat, waar al die bejaardes baie na aan ons hart is.
Ons is 'n diverse boeregemeenskap en een van die beste landboudistrikte in die land. Die area is bekend vir verbouing van koring, soja en mielies. Veeboerdery, meestal beeste en skape sowel as die produksie van spesialiteitsvrugte soos kersies, vorm ook deel van die boerdery-aktiwiteite.

**Learaarsprofiel:**
- 'n Behoudende leraar wat Skrifgetroue prediking as prioriteit stel.
- Bedien die gemeente volgens Artikel 9 van die Kerkorde.
- Hospitaal- en huisbesoek is belangrik vir ons gemeente.
- Betrokkenheid by Bybelstudie groepe.
- Moet leiding te kan neem met die uitdrae van die evangelie.

**Vergoeding:** Onderhandelbaar (pastorie beskikbaar).

**Diensaanvaardig:** Febuarie/Maart 2025.

**Aansoeke:**
Stuur aansoeke per e-pos aan ngcloc@gmail.com
- Volledige CV nie meer as drie bladsye.
- Drie verwysings asook hulle kontaknommers.
- Beried wees om vir 'n onderhoud te kom, sowel as om 'n preekbeurt waar te neem.
- Motiveer kortliks waarom u geroepe voel vir die bediening op die platteland.

**Kontakpersone:**

| | |
|---|---|
| Ds Ettiene Nolte | 083 332 459 (leraar). |
| PJ Botha | 082 458 6096 (leierouderling). |
| Kosie Moolman | 082 401 00141 (leierdiaken). |

**Sluitingsdatum: 3 November 2024.**

## *VAKANSIE-AKKOMMODASIE*

### DURBANVILLE (KAAP)
**SELFSORG AKKOMMODASIE**
Ten volle toegerustes, selfsorg woonstelle. Slaapgedeelte met 2 x 3/4 beddens en dubbel slaapbank, En suite badkamer. Kombuis. Eethoekie. Skuifdeur na braai-patio en swembad. Veilige parkering, sekuriteitkameras. DSTV en WiFi.
Absoluut billike tariewe.
**Vir Foto's en meer inligting kontak mev Van Niekerk: 083 648 5858**

### JEFFREYSBAAI
**SANDKASTEEL**
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

### UVONGO
Selfsorgwoonstel. Pragtige seeuitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
**Webblad: www.grietseplek.com**

## NG KERK TULBAGH

**VAKATURE: DEELTYDSE LERAAR (TWEEJAARTERMYN)**

**INDIENSTREDING: 01 MAART 2025**

**AANSOEKE SLUIT: 7 NOVEMBER 2024**

**Ons droom van 'n gemeente waarin ...**
- Jesus die Middelpunt en Fokus is van ons hele lewe en bediening.
- Elkeen welkom sal voel.
- Ons elkeen se gawes, lewe en bediening net so belangrik is soos dié van die leraar.
- Ons oor grense met ander hande vat vir 'n beter en gesonder Tulbagh vir almal.

**LERAARSPROFIEL**
- Het 'n diep, geesvervulde verhouding met die Here.
- Voorsien Skrifgetroue prediking wat die Bybel lewendig en verstaanbaar maak vir almal.
- Het 'n gemaklike preekstyl wat tradisionele én vernuwende dienste insluit.
- Is passievol oor mense en die bou van verhoudings.
- Lei ons om sterk verhoudings met die Here en mekaar te bou.
- Help mense met empatie en begrip om geestelik te groei.
- Is aanpasbaar en bereid om mense te ontmoet waar hulle is.
- Het 'n spesiale passie vir ons senior lidmate én vir ons kinders.

**WIE IS ONS**
Die NG Kerk Tulbagh is een van die oudste gemeentes in Suid-Afrika, gestig in 1743, met 'n ryk geskiedenis wat deur eeue van geloof, verandering en saamwees strek. Ons is trots op ons diep wortels in die gemeenskap, wat bestaan uit beide boere en dorpenaars. Ons ledetal sluit lede in wat hulle hele lewe deel van hierdie gemeente is, sowel as nuwe gesigte wat onlangs ingetrek het. As 'n plattelandse gemeente is intergenerasiebediening noodsaaklik, wat 'n dinamiese en gevarieerde omgewing skep vol geleenthede vir groei en verandering.

Die afgelope jaar, sonder 'n leraar, het ons doelgerig gewerk om ons gemeente se behoeftes beter te verstaan. Ons besef dat ons soms verskillende oortuigings en verwagtinge het, maar ons geloof in Christus bind ons saam. Ons droom van 'n leraar wat ons kan lei om **brûe** te bou en saam te groei, nie net in ons gemeente nie, maar ook in ons breër gemeenskap.

**VERGOEDING en DIENSOOREENKOMS**
- Deeltydse pos (50% van voltydse werksure - onderhandelbaar).
- Jaarlikse pakket: R360 000 (TKVI).
- Dienspligte: Volgens Artikel 9 van die Kerkorde (sal in onderhoud bespreek word).

**AANSOEKPROSES**
Gelegitimeerde predikante van die NG Kerk-familie is van harte welkom om aansoek te doen. Stuur asseblief 'n volledige CV saam met 'n dekbrief waarin u u geskiktheid vir ons gemeente verduidelik.

**Stuur aansoeke aan:** admin@ngkerktulbagh.co.za

**Navrae:**
Sophie du Toit (voorsitter kerkraad): 082 404 7778.
Romijn Scheepers (diensverhoudinge): 082 494 4593.

**PRETORIA**
**DE GOEDE HOOP-KOSHUIS**, bied studentebehuising by die Universiteit van Pretoria asook vir studente wat studeer by ander tersiêre opleidingsentrums. Doen aansoek op ons webblad **https://degoedehoop.co.za/doen-aansoek/** of skakel **079 500 7500** of stuur 'n e-pos na **admin@tukiestate.co.za**

**BLOEMFONTEIN**
Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693. hanliedevilliers@webmail.co.za**

# NG GEMEENTE RIEBEECKSTAD

## VAKATURE: VOLTYDSE GEMEENTELERAARSPOS

Riebeeckstad is 'n voorstad van die groter Welkom-area in die Vrystaat, bekend vir sy ryk goudvelde en historiese bydrae tot die Suid-Afrikaanse mynbedryf. Die voorstad bied 'n gesellige diverse gemeenskap. Ons omgewing het twee laerskole en een hoërskool terwyl die groter Welkom-area beskik oor 'n verskeidenheid skole.

Die gemeente Riebeeckstad is 'n missionale gemeente.
"Lig in die duisternis – hier vir God, mekaar en die wêreld".

**Ons gemeente word gekenmerk deur:**
- Ons werk om die Koninkryk met die wêreld te deel en is vir meer as 30 jaar missionaal.
- Ons ondersteun mekaar en bou mekaar op in ons diens.
- Ons beskik oor gevestigde gemeente strukture met sterk leiers in die bestuur.
- Ons luister na God,
- ons luister na mekaar en
- ons luister na die gemeenskap.
- Ons gee ruimte aan ander om Jesus te ontmoet en te dien.

Vir meer inligting oor ons gemeentewerksaamhede klik hier. (www.oddways.co.za)

**Ons gemeente sal met graagte 'n nuwe leraar aanvaar wat:**
- 'n Passie het vir missionaliteit.
- Goeie menseverhoudinge handhaaf.
- Lidmate kan motiveer en toerus vir dienswerk.
- Die gawe het om met kinders, jong volwassenes en bejaardes te werk en saam te stap.
- Goed kan kommunikeer deur prediking.
- Ingegrawe wees in die pastoraat.
- Effektief kan delegeer en ondersteun.
- Oor spesiale vaardigheide beskik om met ander groeperinge in 'n multikulturele gemeenskap saam te werk.

**Kwalifikasies/Posvereistes**:
'n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk.
Pligte soos vervat in Artikel 9 van die Kerkorde met spesiale fokus op jeugbediening, jong volwassenes en gemeenskapsbediening.

**Vergoedingspakket:**
Volgens sinodale riglyne en bedieningservaring.
Huisvesting in die vorm van 'n pastorie met basiese munisipale dienste.

**Diensaanvaarding:** Verkieslik 1 Januarie 2025 of so spoedig moontlik daarna.

**Aansoeke en proses:**
Stuur asseblief na kantoorbestuurder Jennifer van Antwerpen by:
riebkantoor@lantic.net of 057 388 2697. Voorsitter pre-advieskomissie Hendrik van Zyl by hzepos@gmail.com of 074 102 1900.
Ons benodig: 'n Opgedateerde CV (maksimum drie bladsye) en 'n kort motivering wat die aansoek ondersteun.
Kontakbesonderhede van drie onlangse referente.
**Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Oktober 2024**

Gekortlyste kandidate sal aan 'n gestruktureerde keuringsproses deelneem. Sodanige kandidate moet vir onderhoude beskikbaar wees op 'n datum, tyd en plek soos deur die keuringspaneel bepaal. Die kerkraad behou die reg voor om onafhanklik van hierdie advertensie 'n aanstelling te maak of om nie die pos te vul nie.

**Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.**

# NG GEMEENTE KOKSTAD
**(dolerend )**

## VAKATURE: VASTETERMYN LERAARSPOS (DRIE JAAR)

**Gemeenteprofiel:** Kokstad is 'n plattelandse gemeente met 153 belydende en 27 dooplidmate en 85 besoekpunte. Die gemeente is verdeel in vyf dorpswyke en drie plaaswyke. Van die belydende lidmate is 19 in die Ixopo-wyk wat deur 'n emeritus pastorale leraar bedien word. Die gemeente het in Maart 2023 sy eeufees gevier met groot dank aan ons Hemelse Vader. Die gemeente is 'n dolerende gemeente en is deel van die Koinonia Sinode.
Kokstad is op die suidelike grens van KZN, 138 km van Port Shepstone en 190 km van Pietermaritzburg.

**Die gemeente streef om 'n gemeente te wees wat:**
Met entoesiasme in hul geloof groei.
Met liefde mekaar versorg.
Met deernis na ander uitreik.
Met passie die liggaam van Christus opbou!

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is wat deur die Heilige Gees geïnspireer is en ons roep tot Skrifgetroue en gehoorsame navolgers van Christus. Die leraar moet ook oor sterk leierseienskappe, 'n positiewe lewensuitkyk en goeie menseverhoudinge beskik.

**Vergoeding:** Vergoeding en vervoertoelaag sal met die leraar onderhandel word. Gratis huisvesting in 'n ruim pastorie, krag, internettoegang, sekuriteit en tuinwerker is ingesluit.

**Aansoeke:** Slegs elektroniese aansoeke word aanvaar met 'n volledige CV met kontakbesonderhede van verwysings. Leraars moet beskikbaar wees vir onderhoude en 'n preekbeurt. Rig aansoeke aan die kerkraad, NG Gemeente Kokstad per e-pos:
kokstadng@gmail.com of rnel@sanlam4u.co.za (R Nel).

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 30 November 2024.**

**Navrae:** Leierouderling: Robbie Nel – 039 797 3333 (w), 082 784 1644.

# NG KERK GEMEENTE BIGGARSBERGVALLEI

## VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Die gemeente Biggarsbergvallei is 'n "jong" gemeente met ongeveer 478 belydende en 84 dooplidmate, geleë in Dundee en Glencoe, in die noorde van KwaZulu-Natal, (tussen Ladysmith en Newcastle), sowat 25 km oos van die N11-roete in 'n baie histories-ryk omgewing. Die gemeente bestaan uit 13 dorpswyke en drie plaaswyke. Die belangrikste ekonomiese bedrywighede in ons gemeenskap is landbou, nywerhede en mynbou. Daar is 'n aftree-oord op Glencoe sowel as op Dundee en laasgenoemde beskik ook oor 'n bejaarde versorgingseenheid. Daar is ook goeie skole op die dorp sowel as in die breër omgewing.

Die gemeente het meer as twee jaar gelede 'n nuwe reis begin toe die drie plaaslike NG gemeentes saamgesmelt het as een nuwe gemeente, na 'n baie oortuigende en suksesvolle besluitnemingsproses. Die eerste behoefte van die nuwe gemeente, Biggarsbergvallei, was 'n fasiliteringsproses, geïnisieer deur die kerkraad, en in oorleg met 'n uitgebreide lidmaatsgespreksgroep, alles onder die bekwame leiding van prof Malan Nel as fasiliteerder. Hieruit word 'n nuwe visie en missie gebore naamlik: **"ONS is God se fontein. ONS verheerlik Hom. ONS versorg mekaar en ONS gemeenskap en ONS bring hoop! (Eseg 47:1-12 ea)"** Hieruit word ook vier doelwitte geformuleer as missionale fokuspunte om gestalte te gee aan die missie van die gemeente, naamlik **Hulpverlening, Nuwe intrekkers, Gasvryheid, Musiek,** en gepaardgaande toerusting. 'n Uitdaging wat duidelik na vore gekom het is die vestiging van 'n gesinsbediening met die bedoelde uitkoms van die geloofsvorming van ons kinders en jongmense. Verder is dit baie duidelik dat die erediens en die vernuwende liturgie as lewensritme van die gemeente; die toerusting van geestelike leiers; 'n fokus op verhoudings na binne en ekumenies; sowel as die verdere ontwikkeling en verfyning van bedieningstrukture, noodsaaklik is vir ons opbou in navolging van die Here Jesus en vir die eensgesindheid in die gemeente.

*Alle voornemende aansoekers sal hulle deeglik moet vergewis van hierdie geloofsafhanklike proses in die gemeente, waarvan hulle deel sal vorm en dat hulle nie net hulle eie insette na die gemeenskap bring nie, maar hulle sal kan versoen met die profiel en behoeftes van die gemeente*

**Vergoeding:**
As gemeente in 'n proses van groei, wil ons saam die Here vertrou dat ons binne sinodale riglyne sal kan onderhandel, met die normale byvoordele soos van toepassing.

**Aansoek:**
Hierdie pos is 'n heerlike uitdaging in die koninkryk en ons bid dat die Here vir ons 'n toegewyde kind van Hom sal stuur wat saam met ons op hierdie ontdekkingsreis sal wil gaan in hierdie nuwe en opwindende tydvak van ons gemeente se navolging en meelewing saam met Hom, Jesus die eersteling uit die dood.
Enige gelegitimeerde predikant van ons kerk wat geroepe voel om by hierdie span aan te sluit word genooi om voor **22 November 2024** om 12 uur, 'n CV van maksimum drie bladsye en drie referente aan die onderstaande adres te stuur.
NB: Kandidate op 'n kortlys moet bereid wees om genooi te word, om te kom kuier.

**Navrae:**
Stoffel Mouton (voorsitter van die verkraad) 082 329 0225. mouton@trustnet.co.za
Ds Pieter Kotze (konsulent) 079 970 3120.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke wat ontvang is, te maak nie.*

Dana Snyman



# Dink aan al jou woorde in 'die wolk'

By wie sou ek dit die eerste keer gehoor het? Ek was nog ’n kind, dit weet ek. Op Daniëlskuil.

Miskien het Pa of Ma dit vir my vertel: Dat as jy eendag doodgaan, gaan jou lewe voor jou verbyflits. Jy gaan weer alles sien en hoor wat jy op aarde gedoen het.

Dit het my bang gemaak.

Ek het my verbeel dit is soos wanneer ons na ’n fliek in die kerksaal kyk: “Afspraak in die Kalahari” of “Baaspatrolliekhond K9” – een van die flieks wat die mense van Carfo Films vir ons kom wys het. Of Nicky Cruz se “The Cross and the Switchblade”.

Hierdie keer sal jy in so ’n saal sit, as oorlede, en jy sal na jou eie lewe op die skerm kyk. Die Here sal saam met jou daar wees en Hy sal al die stoute en slegte dinge sien, al die sonde wat jy gedoen het.

En jy sal hemel toe gestuur word, of hel toe waar jy vir ewig in ’n vuur sal brand.

Daaraan dink ek soms wanneer ek op Facebook, koerante se webwerwe en ander plekke op die internet lees wat mense skryf en vir mekaar sê.

“Die Here bestaan nie, dit is wat op die bordjie staan van die plek waar mans hulle blaas gaan leegmaak,” sal een sommer in ’n Facebook-stryery oor godsdiens skryf. Of ’n ander een wat in ’n hitsige gesprek oor rassisme skryf: “Da is redes vir die k-woord gebruik. Hille verdien dit kyk hoe maak hulle met dit wat verantwoordelik is. Duiwels se kinders. veite.”

Soms wil dit al lyk of daar ’n verband s tussen iemand se Goliat-agtige woede en hulle spelvermoë.

> **Ek weet wel niks wat jy op Facebook of waar ookal op die internet skryf of plaas, gaan sommer net verlore nie, al wis jy dit op jou rekenaar uit.**

Ook wat ék partykeer skryf laat my wonder of dit nie eerder ongesê moet bly nie. Hoekom moet ek sarkasties wees met iemand wat betower word deur daardie pastoor met die skreeustem wat ’n soort welvaartsgodsdiens verkondig? Lê die oordeel by my?

Het daardie skerm waarop jou lewe afspeel wat ek my verbeel het, nie dalk op ’n manier ’n rekenaar- of jou selfoon se skerm geword nie? Hiér. Nóú.

Dit wat ek daarop tik of vaslê, word deel van die film van my lewe. Soms letterlik: Hoeveel kameras is daar nie wat ons deesdae dophou nie, ons bewegings volg en elektronies opneem nie.

Hoop nie ek klink hooghartig nie, maar iemand, ’n man, wie se snedige haatlike aanmerkings en kommentaar wat ek soms op Facebook raakgelees het, is onlangs oorlede. En toe gaan kyk ek op sy Facebook-blad, en daar staan al sy woedende woorde. ’n Klein getuigskrif. Verander kan hy dit nie meer nie.

Hoe het die Bybelse Jakobus dit nou weer gestel? “Die tong is ook ’n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so ’n plek onder ons lede in, dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand …”

Geld dit nie ook vir wat jy op Facebook of elders oor die internet skryf nie?

“Nobody needs a pulpit or a soapbox now,” skryf Marilynne Robinson. “Any one of us can bully and slander at will.”

Robinson verwys spesifiek na wat op die sogenaamde sosiale media gebeur.

Party mense sê ander sleg en verkondig krom en liefdelose populistiese menings onder ’n skuilnaam, asof ’n mens onder ’n skuilnaam gaan sterf.

John Flavel, ’n 17de eeuse Engelse puritein, skryf Robinson, het gewonder of ’n mens nie twee keer geoordeel behoort te word word nie: “… once when we die and again when the full consequences of our lives have played themselves out … untll no living mind remembers any slander, any injurious word that we have spoken.”

Jou woorde agtervolg jou tot ná jou dood en daarna. Letterlik.

Wetenskaplikes het allerhande verduidelikings vir die verskynsel dat ons lewe voor ons verbyflits wanneer ons doodgaan. Dit gebeur as gevolg van die brein se komplekse reaksie op ekstreme stres, soos die trauma van die laaste deel van die sterfproses. ’n Ingewikkelde chemiese proses in jou brein, sê party, veroorsaak ’n blitsvinnige herhaling van herinneringe.

Dit kan so wees. Ek weet nie.

Ek weet wel niks wat jy op Facebook of waar ookal op die internet skryf of plaas, gaan sommer net verlore nie, al wis jy dit op jou rekenaar uit. Dit bly voortbestaan in een of ander digitale stoorplek of die sogenaamde “wolk” waarin data gestoor word.

Wolk. Ek is seker maar naïef, maar dit is vir my betekenisvol dat miljarde gigs data in “die wolk” gestoor word.

Wolk. Wolke. Bokant ons. Daardie plek waar ons kleintyd geleer het jy gaan wanneer jy doodgaan.


## NG UNIVERSITEITSOORD

### VAKATURE – STUDENTELERAAR

Universiteitsoord sien met verwagting uit na aansoeke van lewenslustige en entoesiastiese kandidate wat met hedendaagse studente kan identifiseer en betrokke wil wees by hulle aktiwiteite. As jy dus voel jy het ’n passie vir studente, nooi ons jou uit om aansoek te doen vir hierdie pos.

**Sluitingsdatum: 4 November 2024.**
**Dienstermyn:** Voltydse permanente pos.

**Gemeenteprofiel:**
Universiteitsoord is ’n gemeente wat bely dat God mense liefhet en dat die Here alle mense in liefde en genade insluit en gebruik in sy koninkryk, daarom is Universiteitsoord ’n oop, inklusiewe gemeente waar almal welkom is, voel hulle behoort en ook kan beweeg om ’n verskil in die wêreld te maak.

**Leraarsprofiel:**
Ons ideale kandidaat is ’n gelegitimeerde van die NG Kerk wat hom/haar vereenselwig met en kan uitleef in ’n gereformeerde spiritualiteit; het deeglike teologiese kennis asook kennis van studentekultuur en -psige en kan effektief met studente kommunikeer, verhoudings bou en onderhou. Ons is op soek na ’n aanpasbare en geïntegreerde persoon met kreatiewe en vernuwende denke (en met respek vir tradisies); goed-ontwikkelde sosiale vermoë, interpersoonlike vaardighede, effektiewe prediking en die vermoë om effektief in spanverband te kan funksioneer.

**Pligte:**
Artikel 9 van die Kerkorde, met ’n fokus op studentebediening:
- Verhoudings bou met studente.
- Pastorale en geestelike begeleiding van studente.
- Toerusting van studenteleiers.
- Reël en hantering van studentekampe en -uitreike.
- Bywoon van studente-aktiwiteite.

**Vergoeding**
- Sinodale skaal sal dien as riglyn.
- Pastorie of behuisingsubsidie.

**Aansoek:**
Aansoekvorms is by kantoor@universiteitsoord.co.za

**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2025.

**Navrae:**
- Dr Arno Meiring: 082 807 4530.
- Kerkkantoor: 066 408 0909.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*